

Waarheid & dwaling

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

JAARGANG 9, NO 7, Nov/Des 2003

REDAKSIONEEL

WEENS 'N GEBREK AAN KENNIS

Onder die lidmate wat bekommerd is dat daar nie meer brandende harte vir die Here en vir die saak van die Here is nie, is hierdie opskrif 'n geykte slagspreuk. Wat is die oorsaak daarvan? Die Here het dit in sy strydgesprek met sy ontroue Israel deur die profeet Hosea gesê: "My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis" (Hosea 4:6).

Wanneer ons in 'n nuwe situasie beland, 'n nuwe tydvak, 'n nuwe bedeling, is mense maar te gretig om die heersende tendense na te jaag sonder om eers rustig te gaan nadink oor die verloop van dieselfde sake deur die eeue. Dit is 'n beskaming dat die belangrike les van die geskiedenis homself telkens weer waar bewys: mense leer nie uit die les van die geskiedenis nie. Die dringende wekroep van die profeet Jeremia moet steeds in ons ore klink: "So spreek die HERE: Staan op die weë, en kyk en vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is, en wandel daarin; en julle sal rus vind vir julle siel. Maar hulle het gesê: Ons wil daarin nie wandel nie" (Jeremia 6:16).

Die ou paaie beteken nie "soos wat ons voorouers gemaak het" nie. So 'n uitleg sou die teks tragies na oppervlakkige konserwatisme degradeer. Die "ou paaie" is niks anders nie as die lewenswyse wat die Here aan ons in sy Wetboek gewys het. Die ou paaie is die openbaring wat in die paradys begin het, in besonder die moederbelofte, en wat deur die heilsgeskiedenis in Christus vervul is. Hy is die Een wat vir ons die 'nuwe en lewende weg' na die heiligdom deur die offer van sy volmaakte liggaam en siel ingewy het. Ons moet weer kyk en vra na die Woord van God, na die lering van die Here Jesus Christus, na die oorleweringe van sy apostels, soos Hy dit nog van altyd af geopenbaar het. Hy bedoel dit steeds.

Die vernietigingspad van déformasie

Die fout wat oor en oor in die geskiedenis gemaak word, is dat die mense sê: Ons wil nie daarin wandel nie. Alles, behalwe daardie ou beproefde weë. Die noodwendige gevolg is dat die kerk haar eerste liefde verlaat, haar ontsag

vir God verloor en haar geloofsentoesiasme verflou. Stelselmatig sypel die idees van die wêreld deur die wande van die mense harte in. Die gelowiges begin dieselfde modes en strewes as dié van die wêreld najaag. Hulle verslap in geloofsdissipline. Wat onheilig vir die Here is, is nie meer onheilig vir die mens nie. Wat 'n gruwel is vir die Here, juis dit word die mens se liefhebberij! Wat egter heilig vir die Here is, is vervelig vir die mens. Predikers waarsku nog soms teen die gevare, maar om onheilige lewenswyses van mense te veroordeel is nie meer geoorloof nie. Ook die harte van die herders raak met die kiem van wêreldgelykvormigheid besmet. So kom die afval in die studeerkamer in, en is kort voor lank ook op die preekstoel. Die suiwer geloofsleer word stukkie vir stukkie getorpedeer en gerysmier met die briljante breingimnastiek van die mens. Gehoorsaamheid aan die Here verander na eiesinnige godsdiens. Die eredienste word konserte. Mense voeg uit eie insig lustig daaraan toe en neem daarvan weg wat hulle goeddink. Predikante swaai die septer. Hulle besluit al by die posbus watter pos die kerkraad op tafel kry, watter praktyke ingevoer of wegge laat sal word. Kerkrade word al hoe onmondiger; hulle word leke. Die kerkorde word uitgesmyt. Oningeligte kerkraadslede en lidmate gaan soos stomme skape die dominee agterna "omdat hy weet". Dit wat hy wil doen klink nog lekker ook. Uiteindelik breek hierdie gees ook in die kerkorganisasie deur, in sake wat die verband van kerke gesamentlik raak. Stukkie vir stukkie het die kerkvolk hulle kennis verloor.

- Hulle ag die Here nie meer vir wie Hy is soos wat Hy Homself in die Skrif geopenbaar het nie.
- Hulle lees en aanvaar die Bybel nie meer as die volkome en genoegsame Woord van die Here nie.
- Hulle erken nie meer die soeke na en strewes vir die ware kerk van die Here Jesus Christus nie.

1 Joh 4:6

"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

INHOUD

- 1 Redaksioneel
Weens 'n gebrek aan kennis
- 2 Skrifoorndenking
Leef roepingsgetrou
Ds JH Howell
- 3 Aktueel
Die Getransformeerde
Kerk van Suid-Afrika?
Prof GJC Jordaan
- 5 Op die kerkerf
Erken dat God GóD is
Prof LF Schulze
- 8 Deformasie?
"Nuwe Reformasie"?
Reformasie?
Dr VE d'Assonville
- 16 Moord in die Erediens
bedink
Ds ALA Buys
- 18 Uit die geskiedenis
John Knox - reformator
Ds GJ Meijer
- 20 Pompeji
"U raak die berge
aan en hulle rook"
Prof V E d'Assonville

Hierdie dinge het die bekende dr A Kuyper in sy traktaat van die Reformasie as die grondslag van déformasie beskrywe. So het dit dan ook gekom dat die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel op 'n vergadering waar ongeveer 150 lede en belangstellendes aanwesig was, hierdie grondoorsake van onrus in die Gereformeerde kerke bestudeer het. Die tyd het helaas aangebreek waar daar onbetwisbare bewyse is dat daar binne een kerkverband met twee uitsluitende teologieë gewerk word. Die kentekens van die teologie wat die oorheersende toon aangee is in drie referate

aangebied. In die referate is daar toegespits op denke oor God, denke oor die Skrif en denke oor die kerk.

Ter kennisname en vir bestudering plaas ons die referate wat tydens die byeenkoms gelewer is in hierdie uitgawe, soos wat die outeurs dit verwerk het. Dit is die redaksie se bede dat hierdie uitgawe weereens sal bydra om sy lesers behulpsaam te wees, in te lig en leiding te gee in 'n tyd van kerklike spanning. Mag dit waar wees dat ons die ewige lewe leef deurdat ons God waarlik ken (Johannes 17:3).

SKRIFOORDENKING

LEEF ROEPINGSGETROU

Ds JH Howell, Brakpan-Suid

Lees: 1 Konings 19

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Voorsitter:
Dr AH van den Bout
e-pos: vdenbout@mweb.co.za

Redaksie:
Mev J de Wind
Ds GJ Meijer
Ds HLJ Momberg
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel 012 546 4915
e-pos:
gjmeijer@absamail.absa.co.za
jdewind@mweb.co.za

Medewerkers:
Dr AH Bogaards
Prof JM Boon
Dr ALA Buys
Dr EA de Boer
Prof GJC Jordaan
Ds SJMS Smit
Dr AH van den Bout

Webbladsy:
<http://www.vgl.co.za>

Administrasie-adres:
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712
Totiusdal
0134

Tel 012 335 9134
(Mev Hanneke Das)

Bankrekeningnommer:
Spaarrekening 9054701904
ABSA
Pretoria Waverley

Intekengeld:
R100 per jaar

Tegniese versorging:
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
e-pos: printbur@mweb.co.za

Die profeet Elia is in die woestyn onder die besembos. Hy sien nie meer die sin van sy bestaan in nie. Hy voel soos 'n mislukking. Hy is op 'n geestelike laagtepunt. Sy lewe lank het hy vir die HERE gewerk en die Woord uitgedra, maar sien geen sukses op sy werk nie. Daarom vra hy die HERE om sy lewe te neem.

Dan gryp God in sy groot genade in. Hy los nie sy kind in die dieptes nie. Hy doen moeite met hom. Tel hom op. Gee nuwe krag. God se optrede met Elia wys dat Hy ons versterk.

God versterk ons om ons roeping getrou te bly uitleef

Natuurlik was Elia se optrede verkeerd. Hy vlug! Die man van Karmelberg (1 Konings 18) vlug. Hy wat voor die volk van God se almag getuig het. Hy wat met moed en oortuiging en in die krag van die Gees die profete van die afgod Baäl man-alleen aangedurf het. Hy wat die volk opgeroep het tot reformasie om die HERE alleen na te volg. Hy vlug toe hy hoor dat Isebel sy dood soek.

Elia het goed geweet dat Isebel hom niks kon doen sonder die HERE se wil nie. Maar, Elia sit in die dieptes. Kyk na hierdie hardkoppige, ongehoorsame volk! Selfs ná Karmelberg het hulle nie tot diepgaande bekering gekom nie! Isebel waag dit steeds om die HERE se profeet met die dood te dreig! Die meeste Israëliete was blykbaar aan hierdie goddelose vrou se kant. Wat help alles? Só het Elia gevoel.

Só voel gelowiges ook maklik wanneer ons belag en bespot word omdat ons vir God se eer opkom; omdat ons getrou aan Hom

probeer lewe en sy wil uitdra en bekend maak; omdat ons doen waarvoor Hy ons op aarde geplaas het. Tog mag ons nie daar eenkant onder die besembos gaan sit nie! Juis wanneer die wêreld rondom ons op sy donkerste is, is die geleentheid vir God se kerk en koninkryk die grootste. Die wêreld se grootste nood is immers sy gebrek aan die waarheid van God se Woord. Sy gebrek aan die Lig, Jesus Christus, wat aarde toe gekom het om die duisternis van die sonde te verdryf (Johannes 1).

Elia sit in die dieptes van teleurstelling en is diep onder die indruk van sy eie mislukkings en gebrek aan sukses. Wat doen hy dan? Elia, die gelowige, worstel met God. In die dieptes wend hy hom na die HERE. Voor die HERE bekla hy sy lot. "Dit is genoeg, neem nou my siel weg, HERE, want ek is nie beter as my vaders nie." Elia was reg. In eie krag was hy nie beter as sy voorvaders nie. In eie krag was hy tot niks in staat nie. Hy het juis nie in eie krag opgetree nie. Wat hy was en wat hy reggekry het, was deur God se krag en genade en bystand.

Daarom het die HERE nie maar vir Elia daar onder die besembos aan homself oorgelaat nie. Hy voed en versorg hom. Hy bring hom weer onder die indruk van sy wonderbare genade. Hy versterk hom ook liggaamlik met kos vir die reis van 40 dae en nagte wat voorgelê het. Ons weet nie presies watter roete Elia gevolg het nie. Berseba is nie so ver van Horeb dat dit 40 dae en nagte neem om daarheen te loop nie. Dit is egter nie belangrik om hierop 'n antwoord te hê nie. Wat wél belangrik is, is dat Elia op pad is na Horeb. Wanneer hy in die dieptes is, gaan hy terug

na die wortels van sy eie en die volk Israel se bestaan. By Horeb het die HERE in die verlede met Moses en die volk gepraat. Daar het Hy belowe dat Hy vir hulle 'n God sou wees en dat hulle sy volk is wat tot sy eer moet leef. Gehoorsaam aan Hom moes hulle hul lig onder die nasies laat skyn.

Horeb toe! Dit is waarheen gelowiges in Suid-Afrika vandag moet gaan. Nie na die berg Horeb in Palestina nie, maar na ons geestelike Horeb. Ons moet teruggaan na ons wortels; na ons Godgegewe doel hier op aarde. Waarom is ons hier en wat maak ons hier waar die HERE ons geplaas het? Ons is hier om getrou aan die Woord tot eer van die HERE te lewe. Om met liefde vir God en vir ons naaste te lewe! Dit is die maatstaf waarmee God meet of dit goed of sleg gaan in 'n mens se lewe. Hy kyk na die hart. Na geloof. Na my lewenswyse. Of ek vrugte dra wat by die bekering pas. Of ek gehoorsaam aan Hom en aan sy Woord leef.

Elia het gemeen dat daar nie sukses op sy werk as profeet was nie. Hy was moedeloos. Daarom gaan hy om die HERE by Horeb te ontmoet. Die HERE vra hom: "Wat maak jy hier, Elia?" Elia antwoord: "Ek het baie geywer vir die HERE, die God van die leërskaar; want die kinders van Israel het u verbond verlaat, u altare afgebreek en u profete met die swaard gedood, sodat ek alleen oorgebly het; en hulle soek my lewe om dit weg te neem." Volgens Elia se maatstaf was daar nie sukses op sy arbeid nie.

Wat sê die HERE? Hy sê: Daar is 7 000 wat die knie voor Baäl nie gebuig het nie. Elia, jou arbeid was nie tevergeefs nie. Jou arbeid was juis ter versterking van die getroue gelowiges. Oppas! Jy meet verkeerd! Jy moet weer 'n slag raaksien wat jou doel hier op aarde is en waarvoor die HERE jou gebruik! Jy staan in sy diens. Jy is tog nie hier om jou aardse suksesse te meet nie!

Almal van ons wil ook graag aardse suksesse hê. As daar dan na my mening nie sukses is nie? Wat dan? Soek ek steeds my krag en bystand by die HERE? Besef ek dat, waar ek ookal werk, ek in die eerste plek as geroepene in die HERE se diens staan? Hy vra van my om al my Godgegewe talente getrou en na die beste van my vermoë vir Hom te gebruik. Deur my ganse lewensoptrede moet ek ander na Hom toe trek.

By Horeb het die HERE weer aan Elia bevestig dat sy arbeid nie tevergeefs was nie. God is immers getrou aan Homself. Hy het destyds die volk Israel by Horeb aan sy verbond met hulle voorvaders herinner. Hyself sou sy verbond in stand hou. Juis hieroor het Elia getwyfel. Daarom gaan hy terug na Horeb. Hy wou by die HERE die versekering kry dat Hy hom en die volk Israel nie verlaat het nie.

Dan verskyn die HERE aan Elia, net soos Hy destyds aan Moses verskyn het. Hierdeur gee die HERE 'n antwoord aan Elia. Destyds het Hy sy almag aan Moses getoon. Nou weer bring Hy vir Elia onder die indruk van sy almag. Hy wat God is, is tot alles in staat. Mense en hulle optrede kan Hom nie verras nie. Hulle kan niks doen as Hy dit nie toelaat nie.

Moses het destyds gevra dat hy die HERE wou sien (Eksodus 33:18) sodat hy kon aangaan om sy opdrag as leier van die Israeliete uit te voer. Elia het egter nie gevra om die HERE te sien nie. Die HERE het Self besluit om Hom aan Elia te vertoon. Só sou Hy Elia se geloof versterk om sy roeping weer met nuwe krag en ywer te gaan uitleef.

Net daarná gee die HERE opdragte aan hom. Gaan self vir Hasael, Jehu en Elisa. Elia, daar is werk om te doen! Só bevestig die HERE aan Elia dat Hy hom geroep het. Al lyk dit vir Elia asof sy arbeid tevergeefs is, het die HERE nog met hom en met sy lewe 'n doel gehad. Hy moes voortgaan om sy roeping uit te leef en sy werk as profeet getrou bly verrig.

Die HERE praat met Elia. Sy Woord kom tot Elia. Elia luister. Wanneer die HERE met hom praat, kry hy nuwe krag. Hy kan teruggaan om te gaan werk. Hy kan op sy spore omdraai om die HERE se opdragte uit te voer.

Só is die HERE en sy Woord ook die kragbron vir die lewe van elke gelowige. Sy Gees werk en versterk ons deur sy Woord. Daarom moet 'n gelowige elke keer weer teruggaan na die HERE se Woord. Dit is ware en deurlopende reformasie. Juis wanneer ek onder die besembos sit, moet ek na Horeb gaan. Wanneer beproewings my wil onderkry moet ek terug na die wortels, na my Kragbron, na die Woord wat die lamp vir my voet en die lig vir my pad is (Psalm 119). Die Woord waaruit ek weer hoor van God se beloftes van genade en trou. Die Woord waardeur God deur sy Gees my geloof versterk om vir Hom te bly lewe.

God versterk ons bowenal met die groot belofte van sy Seun Jesus Christus. Daardie belofte het waar geword. Sy Seun het aarde toe gekom en vir ons sondes betaal. Hy maak alles die moeite werd; al is ek soms moedeloos; al sien ek miskien min aardse resultate; al lyk dit of die satan en sy navolgers die oorhand het; al lyk dit of min mense hulle aan die Evangelieboodskap steur. God is en bly getrou aan sy beloftes.

Hoe dan gemaak wanneer ek moedeloos is met wat rondom ons, selfs in die kerk van die HERE, gebeur? Kyk terug na die kruis op Golgota! Hou vas aan God se genade in Jesus Christus. Hy alleen gee waarlik sin en betekenis aan my bestaan op aarde. Deur sy Gees gee Hy aan my die krag om op te kom vir sy eer en om vir Hom te bly lewe.

DIE GETRANSFORMEERDE KERK VAN SUID-AFRIKA?

Prof GJC Jordaan, Potchefstroom

Einde Oktober is die tyd waarin die kerke wat uit die Reformasie van die 16de eeu gegroei het, terugkyk, vorentoe kyk en na binne kyk. Die terugkyk is nodig om met eerlikheid na binne te kyk en met perspektief vorentoe te kyk. By die terugkyk is daar een werklikheid wat die GKSA in 2003 tot eerlike selfondersoek dwing. Dit is die werklikheid wat sedert die Reformasie saamgevat word in die bekende Latynse slagspreuk: *Ecclesia reformata semper reformanda*. Daarmee word gesê dat die gereformeerde kerk in sy wese 'n altyd reformerende kerk moet wees. Die betekenis van hierdie slagspreuk is duidelik: die kerk durf nooit "gearriveerd" wees asof dit reeds die volmaakte toestand bereik het nie. Dit moet altyd bly vernuwe, immer nader bly beweeg aan wat God van sy kerk verwag.

Hoe weet ons wat God van sy kerk verwag? Vir die ware christen is daar maar een antwoord hierop: ons weet dit uit die Bybel. God het immers die Bybel aan die mens gegee as openbaring van sy wil. Sonder die Bybel kan ons God nie ken nie, kan ons nie weet wat sy wil vir ons is nie en sal sy verlossende genade in Jesus Christus vir ons onbekend bly. Daarom was die bedoeling met die Reformasie se *semper reformanda*-slagspreuk dat die kerk se voortdurende vernuwing altyd 'n verandering terug na die eise van die Skrif sal wees.

Dit beteken dat die kerk nie na die eise van mense ingerig mag word nie. Die eise van mense kom immers nie ooreen met die wil van God nie. Dit is die droewige gevolg van die sondeval. Die mens se sondige aard is eenvoudig so, dat hy aldeur téén die wil van God wil ingaan. In Romeine 8:7 en 8 lees ons oor hierdie spanning tussen die vlees (ons sondige natuur) en die Gees van God. Daar staan: "Wat die vlees bedink, is vyandskap teen God; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie. En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie." Die implikasie vir ons, as gereformeerdes, is dat ons in die inrigting van die kerk, waar daar spanning kom tussen wat ons wil hê en wat God in sy Woord van ons verwag, elke keer die eis van Gods Woord sal volg. 'n Altyd reformerende kerk is dus 'n kerk wat altyd sy eie menslike begeertes bestry - ook sy eie begeertes oor hoe die kerk ingerig moet word.

Hierdie stryd is nie maklik nie. Dit vra dat die kerk altyd eerlik na binne moet bly kyk en homself by elke verandering moet afvra: Is hierdie verandering werklik volgens die wil van God ooreenkomstig sy Woord, of is dit volgens die wil van mense ooreenkomstig die eise van die samelewing? Die vrae is miskien eenvoudig, maar die uitvoering daarvan is moeilik. Om dit te kan uitvoer, moet ons werklik in ons harte deur die Gees van God vernuwe wees. In Romeine 12:2 hoor ons: "Word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is." Dit beteken: eers reformasie van die hart; dan reformasie van die kerk.

Sonder ware reformasie van die hart is die vraag na die wil van God onbereikbaar, want die mens kompliseer die vraag met allerhande teenvrae en besware. Hulle hoofbe-

swaar is dat die mens van die twintigste eeu nie God se wil vir vandag uit die Bybel moet probeer vasstel nie. Hulle argumenteer soos volg:

- Hoe kan die Bybel wat tweeduisend jaar en langer gelede geskryf is, nog in ons tyd met gesag spreek?
- Die Bybel is geskryf deur mense en vir mense wat geworstel het met die problematiek van hulle tyd. Dit sal dus 'n fout wees om dit wat hulle geskryf het, op ons tyd te wil betrek.
- Is die Bybel werklik die enigste bron van kennis van die wil van God? Openbaar God Homself dan nie ook in die skepping daarbuite nie?
- Die kerk is so behep met die Bybel dat ons van God vergeet. Dit is tipies fundamentalisties om in alles te vra na wat die Bybel sê. Die kerk staan mos in 'n nuwe verhouding met God en kan in eie mondigheid self vasstel wat die wil van God is.

Op hierdie argumente antwoord ons:

- Die Bybel spreek met gesag tot mense van alle tye, want dit is die Woord van God. Deur die Bybel spreek die Heilige Gees. Hy is ewig. Soos God ewig is, is ook sy Woord ewig. 1 Petrus 1:24-25: "Alle vlees is soos gras, en al die heerlijkheid van die mens soos 'n blom van die gras. Die gras verdor en sy blom val af, maar die woord van die Here bly tot in ewigheid. En dit is die woord wat aan julle verkondig is."
- Natuurlik is die Bybel gerig op die problematiek waarmee die mense in Bybelse tye geworstel het. Die Bybel was immers ook vir hulle bedoel. Dit beteken nie dat die Bybel net vir hulle bedoel was nie. Tye en omstandighede verander, maar by God is daar geen verandering nie. In Jakobus 1:17 staan dat daar by God geen verandering of skaduwee van omkering is nie. Ook sy wil vir die mens verander nie. Al het Hy sy wil in die Bybel openbaar in die taal en volgens die problematiek van die Bybelse tye, spreek dit deur die eeue steeds met Goddelike wysheid en gesag en is dit steeds die lamp wat ons pad voor ons verlig (2 Petrus 1:19).
- Dit is so dat God Homself nie net in die Bybel openbaar nie. Hy openbaar Homself in die eerste plek deur sy skepping, onderhouding en regering van die wêreld. Artikel 2 van die Nederlandse Geloofsbelydenis vergelyk die skepping met 'n mooi boek waarin die onsigbare dinge van God duidelik voor ons oë sigbaar is. In Romeine 1:18-23 sien ons egter dat die mens deur die sonde so stompsinnig en verblind geraak het dat ons nie die "boek van die skepping" gelees kan kry nie. Daarom het God in sy genade en wysheid sy Woord aan ons gegee sodat ons Hom daaruit nog duideliker en meer volkome kan ken, "en wel so veel as wat vir ons in hierdie lewe nodig is tot sy eer en tot die saligheid van hulle wat aan Hom behoort" (NGB art 2). Die Bybel is die bril waardeur ons die wêreld verstaan en nie andersom nie. Om buite-Bybelse verskynsels te wil gebruik as die bril waardeur ons die Bybel moet lees en verstaan, is 'n agterstevoor hermeneutiek.

- Op die beswaar dat die kerk so met die Bybel besig is dat ons God vergeet, moet ons erken dat daar wel die gevaar bestaan dat 'n mens die Bybel sonder God wil lees. Dit is hoe die Bybel in ongelof gelees word. Wie die Bybel werklik in die geloof lees, maak dit nooit van God los nie, want dit is tog God se Woord. Net so onaanvaarbaar as wat dit is om die Bybel sonder God te wil lees, is die poging om God sonder sy Woord te probeer ken. Wie in die geloof na God uitreik, soek sy wil juis in die Bybel.

Dit is opvallend dat diegene wat beswaar het dat ons die kerk na die eise van die Bybel rig, steeds eis dat die kerk moet verander. Hulle beroep hulle selfs op die semper reformanda-slagspreuk. Die verandering wat hulle eis, is

dan 'n verandering wat die kerk laat wegbeweeg van die Skrif. Waar dit gebeur, word die semper reformanda 'n semper transformanda. Die resultaat is nie 'n Gereformeerde Kerk nie, maar 'n Gedeformeerde Kerk, hoogstens 'n Getransformeerde Kerk. So 'n kerk kan miskien beter inpas by die eise van die mense van ons tyd. So 'n kerk kan toonbeeld van politieke korrektheid wees. So 'n kerk kan duisende mense lok en in getalle (tydelik) groei. Dit sal egter nie werklik gereformeerde kerk wees nie.

Reformasie? Defomasie? Transformasie? As die GKSA werklik gereformeerd wil bly, is daar vir ons maar net een pad vorentoe, en dit is die pad van reformasie. Altyd terug na God se Woord. Semper reformanda.

OP DIE KERKERF

ERKEN DAT GOD GÓD IS !

Prof LF Schulze, Potchefstroom

Alle mense word broers....
Broers, bokant die sterretent
moet 'n liewe Vader woon.

Schiller: An die Freude (1785)

As Ek dan 'n Vader is,
waar is my eer?

Maleagi 1:6

1. WETENSKAP EN GELOOF

Van alle bekende beskawings het slegs die Westerse (christelike) beskawing wetenskapsbeoefening en wetenskaplike resultate voortgebring. 'n Mens sou die Grieke se wysgerigheid en nuuskierigheid as wortel van hierdie proses kan aandui met die erkenning dat die christendom 'n hupstoot aan die proses gegee het deur die natuur as (blote) skepping te verkondig. Sedert die begin van die vorige eeu het die Westerse wetenskap, veral die toegepaste tegnieke daarvan, 'n onverwags vrugbare bodem in Oos-Asiatiese lande, byvoorbeeld Japan en Korea, gevind. Dit neem egter nie die feit weg dat wetenskapsbeoefening sy oorsprong in die Wes-Europese beskawing gehad het nie.

Hoe nou godsdien en wetenskap verbind was, blyk uit 'n gebed wat van die beroemde Engelse sterrekundige, Kepler, bewaar gebly het:

Ek dank U, Skepper en Here, dat U my hierdie vreugde, hierdie genot in die werke van u hande geskenk het. Ek het die heerlikheid van u werke aan die mense bekend gemaak, vir sover my eindige gees u oneindigheid mag verstaan. Waar ek iets gesê het wat U onwaardig is, of my eie eer sou gesoek het, vergeef dit genadiglik.

2. WETENSKAP EN ONGELOOF

Wetenskap en (christelike) geloof hoort bymekaar; tot vandag toe. Dinge begin lol wanneer wetenskap deur 'n "onchristelike geloof" (= ongelof) deurtrek word. Hierdie soort wetenskap skep vanselfsprekend spanning met die

christelike geloof. Aan hierdie spanning is ons reeds die afgelope drie eeue gewoond. Ons is só gewoond daaraan dat ons die abnormale spanning as normaal en vanselfsprekend beskou. Tog lê die probleem nie by die christendom nie. Ook nie by die wetenskap nie. Dit lê by die vals geloof wat wetenskaplikes, so anders as Kepler, as hulle vertrekpunt neem. Dit gebeur onder die aanspraak dat wetenskap nie kant kies nie, nooit vooringenome moet wees nie maar neutraal, sonder enige godsdienstige geloof, net ware feite soek en verklaar.

Ondertussen weerlê die geskiedenis die aanspraak op "neutrale wetenskap" en bewys dat daar geen ongodsdienstige mense, vanaf onbeskaafd tot New Age, bestaan nie. Die klompie wetenskaplikes wat God verwerp, die "dwase" van Psalms 14 en 53, spog met hulle ongebonde, negatiewe vertrekpunt (a-teïsme). Hulle vul tog weer hul eie geloof positief in deur te glo aan die ewigheid van die materie (materialisme), die voortgang van die geskiedenis (ewolusionisme, Marxisme, historisme), die noodlot (kousaliteit, determinisme) of die "toeval" (indeterminisme, chaosteorie), ensovoorts. Elkeen het sy geloof, skep sy eie afdog.

3. DIE OMGOOI VAN DIE WISSEL: VAN GELOOF TOT ONGELOOF

In sy uitnemende monografie oor die agtiende-eeuse Verligting het Peter Gay aangetoon dat die klompie filosowe en letterkundiges van die Verligting die christendom ingeruil het vir die klassieke Grieks-Romeinse beskawing. Daarmee het die mondige mens nie 'n trap vorentoe gegee nie, maar

teruggeval in die heidendom. Aangrypend word die beroemde dramaturg en filosoof, Lessing, se gewetenswroeging geteken in sy stryd as pastorieuseun om hom los te maak van Christus en die invloedseer van die christendom. In meerdere of mindere mate van trauma het al die Verligtingsfilosowe Lessing se paadjie gevolg. Die menslike verstand word gekroon as hoogste arbiter van alle probleme; ook van die Bybel. Die lewende God van die Skrifte word verruil vir 'n "laaste Oorsaak", soos die Griek Aristoteles geleer het; hy is 'n veraf deistiese god, broodnodig vir die wetenskappe, wat hulle met oorsake en gevolge besig hou. Verder is hy vir ons gewone mense van weinig nut, omdat die natuur op sy eie wette loop. Hy doen egter nog één belangrike ding: hy waarborg die ingebore, natuurlike sedelikheid van alle mense; hy is die bron van moraliteit.

'n Mens kan aan die hand van Voltaire se doen en late maklik poolhoogte van die Verligting neem. Dit word vertel dat hy op 'n keer teen sonop op 'n heuwel gestaan en die opkomende son met ekstase begroet het met die woorde: "Ek glo in u, ek glo in u, o God!" Dit klink amper soos die Twaalf Artikels, maar is eerder 'n stukkie natuurmistiek. Voltaire het inderdaad nie die ware God in die oog gehad nie. Dit blyk uit sy vyandige afkraking van die Skrif. Gay skryf dat Voltaire en madame du Châtelet gedurende 15 jaar die Bybel vers vir vers bestudeer het en met Skrifkritiese kommentare en hulle eie vooringenome logika die foute van die Bybel probeer aantoon het. Hulle het op die wreedhede van die uitverkore volk gewys, op die teenstrydighede in die Ou Testament en op die probleme van die wonders van die Nuwe Testament.

Lanson toon op sy beurt aan dat Voltaire egter nie die Bybel wou weggooi nie, maar dit sonder bygeloof as "monument van die menslike gees" gelees wil sien. Voltaire sien immers die Bybel as fassinerende leesstof, soos Homeros, en Christus as 'n "landelike Sokrates". Die tyd is nog nie ryp om die Bybel só te lees nie. Eers moet die bygelowige idee van die goddelike karakter van die Skrif uit mense se gedagtes uitgewis word; mense se blinde respek vir die Nuwe Testament moet uitgeroei word.

4. DIE KERK SE WOORDEBOEK!

Voltaire gooi nie die Bybel weg nie. Die Bybel moet nog gelees word - nie meer as Woord van God nie, dit is bygeloof, maar as "monument van die menslike gees". Die verandering is dus nie blatant nie, maar subtiel. Die Bybel bly; die christelike fasade is nog dáár. Alles word in die godsdiens net effens anders gesê. Dit word nou: "God, deug en onsterflikheid". In sy boek oor kuns en rewolusie sê Meijer dit mooi: Die Verligting (rewolusie) het die woordeboek van die kerk gebruik. Die "geloof" van die Verligting sal voortaan die lyne van die wetenskap trek. Ons as christene het hierdie wetenskap met al sy verskillende metodes gelate aanvaar as "christelik, net 'n bietjie meer rasideel geformuleer". Ons het egter vergeet om te kyk of daar nie gif agter die fasade is nie. Die haat teen Christus wat agter die masker lê, het ons nie opgemerk nie. Gevolglik het ons ywerig hierdie soort wetenskap as die enigste egte wetenskap begin beoefen en stelselmatig aan die waarheid van ons geloof gaan twyfel. Wetenskap is waarheid en waar wetenskap en die Bybel bots, moet ons die wetenskap voorkeur gee, het ons gemeen. Só het Kant ons reeds geleer.

5. DIE OU MENGSEL

Christene was in die verlede só argeloos dat hulle nie eers die botsing raakgesien het nie. Ewe naïef is christelike geloof en verligtingsverdigsels langs mekaar ingespan. Die Evangeliese Gesange wat in 1807 in Nederland, sonder sinodale sanksie, in gebruik geneem is, is getuie hiervan. Die Kaap van Goeie Hoop het nie lank op hom laat wag om in die opsigbarende "moderne" kerklike gebruike te deel nie. 'n Skamele vyf jaar later, in November 1812, het die kerkraad van Stellenbosch begin agitêr vir die invoer van die Evangeliese Gesange. Hulle moes egter 'n jaar wag voordat die oplaag hier aangekom het. Daarna was dit Kaapstad se gemeente self wat op die tweede Sondag van Januarie 1814 die bundel in gebruik geneem het; vanselfsprekend sonder enige sinodale goedkeuring.

Gesange 52 en 53 toon hoe vreemde opvattinge eenvoudig die een na die ander as liedere aangebied word. Gesang 52 is 'n beryming van die Twaalf Artikels; die vaandel van die christendom wat in die stryd teen die dwalinge gedurende die eerste vyf eeue stelselmatig gegroei het. God word bely as die Skepper wat alles onderhou en regeer:

Ik geloof in God den Vader,
Die, almagtig, wijs en goed,
Aard' en hemel heeft geschapen,
Nog bestuur en blijven doet....

In Gesang 53 word geloof in God, dit is volstreekte vertrouwe, omgeruil vir geloof aan God, dit is geloof dat God bestaan, deug en onsterflikheid:

Mijn God! wat ooit in mij verdoov',
Dat ik altijd aan U geloov',
Aan deugd en eeuwig leven.
Dan zal 't gevoel van mijn waardij,
Hoe hobblig hier mijn pad ook zij,
Mijn' boezem nooit begeven.
Op welk een' nacht mijn oog ook zink',
Schoon ook geen star meer voor mij blink',
Met U zal ik niet vrezin.
Zweeft Gij m' in nood noch voor 't gezicht,
Dan zal, wat om mij vall' of zwicht',
Mijn deugd beveilig wezin.

Wie sy gesange ken, verstaan waarom kommissaris De Mist in 1803 vir die Kaapse Kerk 'n ander "kerkorde" voorgeskryf het. Daarin is onder andere bepaal dat dit die taak van die kerk is om deug en goeie sedes by die staatsonderdane te kweek.

Die grensboere wat tussen 1770 en 1800 noord van die Sneeuberge ingetrek het, het geleef by die werklikheid van die soewereiniteit van God en hulle eie sondigheid. Vir hierdie sosiale groep, wat lank voor 1859 reeds "doppers" genoem is, het Gesang 53 nie net vreemd op die ore geval nie, maar dit was vreemd aan hulle (calvinistiese) geloof.

DIE NUWE MENGSEL

Waar die kerklied van 1814 gelei het tot die herstigting van die Gereformeerde Kerk in 1859, het die kerklied van 2001 gelei tot die opheffing van die identiteit van die Gereformeerde Kerke as verbroeders van die calvinistiese geloof.

Die nuwe mengsel word deur dieselfde verligtingsideologie as die ou mengsel gedra. Die verstand as arbiter van waarheid word in sy dissekering van die Bybel nog aстранter as in die 19de eeu. Van hierdie stelling is die Psalmbundel van 1773 getuie.

In 1773 het daar op las van die Nederlandse State-Generaal 'n nuwe Psalmberyming deur 'n kommissie tot stand gekom. Dit moes minder strak wees en meer die nuwe gees van verdraagsaamheid adem. Selfs in hierdie nuwe "liberale" beryming word daar in Psalm 2 nog gepraat van:

De koningen verheffen zich alom,
De vorsten zijn vermetel zaamgekomen
Om God, den Heer, zelfs naar de kroon te steken,
En tegen zijn' Gezalfden op te staan

Die Christologiese verwysing word ook in Psalm 110 duidelik na die wese en bedoeling van die Psalm berym:

Dus heeft de HEER tot mijnen Heer gesproken:
"Zit op den troon ter rechterhand naast Mij,
tot Ik de macht uws vijands hebb' verbroken,
en U zijn nek tot eene voetbank zij".

Die omdigting, waarskynlik met opset nie 'n beryming nie as gevolg van baie weglatings en toevoegings, het reeds veel verder afgegly op die glybaan van die Verligting as in 1773.

In Psalm 2 word opgestaan "teen die Heer, en word teen sy Gesalfde saamgespan." Niemand van die geleerdes waag dit om 'n behoorlike verklaring van Psalm 2 te gee nie. Niemand sê of "die Heer" op die Verbondsgod JHWH sien nie. Geeneen wil sê of die vyf koninkies van die Filistynse stadstate pa moet staan vir "die vorste wat Hom hoon" nie. Dit kan natuurlik. Dit is egter onmoontlik as die oorspronklike teks maar net in sy omtrek verdiskonteer word. Dán hoor ons dat gepraat word van "nasies" wat woel, van "volke" wat nietige dinge bedink en van "die konings van die aarde" wat teen JHWH en sy Gesalfde in opstand kom. Hier is dus duidelik veel méér aan die gang as vyf Filistynse vorste wat teen Dawid in opstand kom. Is dit regtig teen Dawid? Waar lees ons dit anders in die historiese boeke van die Bybel? Of gaan dit om 'n ander koning as Dawid? Niemand weet nie. Almal moet gis en afleidings maak.

Die omdigter-adviseurs is egter oortuig, so is my eerstehands meegedeel, dat Psalm 2 op 2 Samuel 7 en gevolglik op Dawid sien; dat die Egiptiese opvatting van die koning as "seun van God" (Re) hier 'n rol speel. Só 'n opvatting is egter oppervlakkig, want "seun van God" sien op véél meer as net die drie keer wat dit op die koning van toepassing is.

Hulle bly ook in gebreke om aan te toon dat die "adopsieformule" in Israel beeldspraak (dit is teokraties bedoel) was. Dit het of kon nooit op fisiese gelykheid, soos byvoorbeeld in Egipte en Griekeland (Zeus!), sien nie. Die Skrif leer nêrens 'n vermenging van Skepper en skepsel nie. Daar word ook in gebreke gebly om aan te toon of en hoe "Vandag het Ek jou gegenereer" deel van die standaardmodel van die "adopsieformule" of "hofstyl" uitmaak.

Om dus net te sê dat ons die Psalm(s) moet verstaan "soos die eerste hoorders dit verstaan het" is te maklik, wetenskaplik totaal onbegroot, 'n slag in die lug wat geen gelowige ernstig hoef te neem nie. Dit is ironies dat liberale teoloë selfs deur ander wetenskaplikes nie ernstig geneem word

nie en dat moderne teologiese geleerdheid hierdie wetenskaplikes hoegenaamd nie beïndruk nie. In sy spekulatiewe maar tog lesenswaardige boek, *The Physics of Immortality*, gee die kosmoloog Tipler sy eie mening en dié van sy kollegas oor liberale teoloë. Hy sê byvoorbeeld: I infer that the typical American theologian/religious studies professor has never seriously thought about the resurrection of the dead. Elders erken hy openlik: my very critical remarks directed against modern theologians. In 'n voetnoot verwys hy na 'n ander prominente Amerikaanse natuurkundige, Steven Weinberg, met die woorde: Weinberg is even harder on modern theologians than I am. Feinman, 'n ander bekende fisikus, so meen Tipler, is nog meer uitgesproke en noem liberale teoloë pompous fools.

Aan die ander kant het die eerste gelowiges die profetiese impak van hierdie komplot van die nasies wel ernstig geneem. Hulle het dit voor hul oë sien afspeel en God as Skepper (let wel: God as Skepper) op sy woord geneem (Handelinge 4:24-28):

"En toe hulle dit hoor, het hulle eendragtig die stem tot God verhef en gesê: Here, U is die God wat die hemel en die aarde en die see en alles wat daarin is, gemaak het, wat deur die mond van u kneg Dawid gesê het: Waarom het die nasies gewoed en die volke nietige dinge bedink? Die konings van die aarde het saamgestaan en die owerstes het saam vergader teen die Here en teen sy Gesalfde. Want waarlik, Herodes en Pontius Pilatus het saam met heidene en die volke van Israel vergader teen u heilige Kind Jesus wat U gesalf het, om alles te doen wat u hand en u raad vooruit bepaal het om plaas te vind."

Ons is hier nie in die sfeer van menings nie, nie van menslike verering en kunsmatige versiering van Jesus nie. Ons is hier op die vaste bodem van die onveranderlike en soewereine raad van God. Dit gaan hier in die eerste en die laaste geval nooit om die ontkenning van profesie nie, maar juis om die betroubaarheid van God, die onwrikbaarheid van sy raad en die waaragtigheid van die Gees van die profesie. Dit wat die Gees voorsê, gebeur en gaan in vervulling (Matteus 1:22; 2:15, 23; 4:14; 8:17; Markus 1:15; Lukas 1:20; Galasiërs 4:4, ensovoorts).

Met Psalm 110 gaan dit nie beter nie. Hier het die swye ten minste onmiskenbaar neergedaal toe daar navraag gedoen is oor die digter van die Psalm. Niemand weet nie, of dié wat weet, wil nie sê nie. Weereens: waar is 'n behoorlike vers vir vers verklaring van Psalm 110? Waarom moet die kerke woorde sing waarvan die betekenis versluier is? Of is dit deel van die nuwe liturgie dat gelowiges God moet loof deur eintlik bloot die lof van onbekende Joodse konings te besing? Is ons dán nie presies besig met die Egiptiese verering van die koning nie? Iets wat met die diens van die lewende God niks te make het nie? Of moet ons soos die latere Jode spekuleer dat Abraham die digter van Psalm 110 is? Dit terwyl Jesus uitdruklik in Matteus 22: 42-44 sê dat Dawid die digter is en dat Dawid Hom "deur die Gees" "Here" noem.

TERUG BY DIE KOPSTUK

"Erken (letterlik: wéét) dat die HERE God is", sê die digter van Psalm 100 vers 3. Byna profeties stel Calvin in sy kommentaar reeds die komende Verligting aan die kaak as hy oor hierdie vers skryf:

For, however much they are constrained to confess with the mouth that there is a God, the maker of heaven and earth, yet they are ever and anon despoiling him of his glory; and in this manner, the Godhead is, to the utmost extent of their power, reduced to a nonentity. As it is then a most difficult thing to retain men in the practice of the pure worship of God, the prophet, not without reason, recalls the world from its accustomed vanity, and commands them to recognise God as God.

Calvyn meen dat dit van wesenlike belang is watter Godsbeeld die mens het en watter leer hy gevolglik oor God aanhang. Volgens sy verklaring van Psalm 100 is daar ten diepste net twee moontlikhede. Selderhuis vat dit só saam: "die mens vorm God na sy eie beeld of God vorm die mens na sy beeld". Die sonde lei tot eersgenoemde en maak dat die mens ten slotte homself aanbid.

Die Verligting het juis dit gaan doen; 'n universele god gaan poneer wat elke mens met sy rede kan "ontdek" of "uitdink". In hierdie universele natuurlike teologie was daar volop plek vir die mens; vir sy rede, sy moraal, sy oneindige waarde en sy onsterflikheid. O ja, en vir sy "regte". Daarin was daar en is daar nog steeds géén plek vir die lewende, soewereine God van die Skrifte nie. Daarom begin alle variasies van "moderne" teologie met die (on)geloof in die onbetroubaarheid van die Skrifte. Elkeen het dan 'n keuse om hierdie resep nader uit te werk, hetsy deur die Skrif "by te stel", hetsy deur dit te herinterpreteer of die storie agter die teks te probeer soek.

Vir moderne teologie kan die Bybel, vanweë sy vermeende onbetroubaarheid en menslike aanlapsesels, nie as vertrekpunt

dien nie. Hierdie "buite-Bybelse" vertrekpunt is klaar 'n ontkenning van die betroubaarheid van die Nuwe Testament - dit ten spyte van die selfgetuieis van die Nuwe Testament, byvoorbeeld in 2 Timoteus 3:16-17 en 2 Petrus 1:16-21. Die Nuwe Testament pretendeer immers om regstatus te hê; om getuieis van oor- en ooggetuies te wees soos bepaal in Deuteronomium 19:15. Verwerping van die Nuwe Testamentiese gesag propageer reeds 'n ander Godsbeeld en 'n ander "teologie". Met die ontkenning dat die Gees Psalm 110 ingegee het, word Christus ook 'n ongeloofwaardige getuie in Matteus 22:42 e.v. Hiermee val tegelykertyd die drie-eenheid van God. Daarmee is kategoriees ontken dat God GóD is. Posisie is téén die Christendom ingeneem, al word die "woordeboek" van die kerk nog gebruik.

As God werklik GóD is, moet Hy, en Hy alleen, as die Soewereine, die Onbegryplike en die Barmhartige vereer en gedien word. As soewereine Skepper wat alles onderhou en regeer, eis Hy gehoorsaamheid en word alle menslike mondigheid verongeluk. Voor die Onbegryplike is elke verheffing van menslike rede uitgesluit. Voor die Barmhartige staan alleen hulle wat hul eie (erf)sonde erken.

Soos God is, só is ook sy besondere openbaring. Só het die Reformasie die Woord bely: noodsaaklik, gesagvol, duidelik en volkome. Van Til som dit op:

The Reformers thought of this attribute (= sufficiency - LS) particularly in opposition to all manner of sectarianism, as they thought of perspecuity chiefly in opposition to clericalism, as they thought of necessity in opposition to rationalism, and as they thought of authority in opposition to autonomy.

DEFORMASIE? "NUWE REFORMASIE"? REFORMASIE?

HERVORMINGSONDAG 2003 EN 32 STELLINGS OOR DIE STAND VAN GEREFORMEERDE TEOLOGIE IN SUID-AFRIKA

Dr VE d'Assonville, Colesberg/Philipstown

Hervormingsondag – so heet die laaste Sondag in Oktober, só genoem ter gedagtenis aan die deurbreek van die Reformasie. Vanjaar val Hervormingsondag op 26 Oktober. 'n Sondag sonder Christus is egter geen ware Sondag nie en hervorming sonder Christus is geen ware hervorming nie.

Martin Luther het op 31 Oktober 1517 sy beroemde 95 Stellings aan die kerkdeur van die Schloßkirche te Wittenberg vasgeslaan.¹ Dit was 'n bekende manier om 'n diskussie oor akademiese sake te inisieer. Binne akademiese en universitêre kringe is dit in Europa vandag nog dikwels die geval. Sulke stellings het in Luther se tyd 'n bykomstige doel gehad as middel om die waarheid te leer ken. In sy wese was dit ook 'n vorm van Woordbediening. Dit was verder nie ongewoon om sulke stellings op eie inisiatief, so te sê as 'n verrassing, bekend te maak nie. Die stellings kon veral geleentheid bied om bepaalde probleme uit te lig met die doel om by oplossings te kom.

Dit was nie die eerste keer dat Luther stellings opgestel en só vasgeslaan het nie. Teologies gesien was dit ook nie sy mees uitgesproke stellings nie. Op 4 September 1517 het hy by wyse van sulke Disputatio-stellings die destydse gangbare manier van teologiebeoefening op 'n meer radikale wyse vanuit die Skrif bestry.

Die doel van Luther se 95 Stellings word uitdruklik in sy opskrif gestel: "Uit liefde en ywer vir die Waarheid wat aan die lig gebring moet word, gaan die volgende Stellings in Wittenberg onder die leiding van die eerbare dr Martin Luther bespreek word." Hierdie 95 Stellings van 31 Oktober 1517 ken in terme van hulle Wirkung, uitwerking en gevolge, geen gelyke in die geskiedenis nie. Die onbybelse praktyk van aflate (deur met geld jou saligheid te koop) is by uitstek in hierdie stellings aangespreek. Vele ander teologiese kwessies het ook by implikasie aan die orde gekom; veral kerklike gesag, die gehoorsaamheidsvraagstuk, Skrifgesag (teenoor gesag van mense), ensovoorts.² Soos met 'n

blitsstraal het die Here hierdie gebeurtenis beskik om die gesag van Christus en sy Woord teenoor menslike standpunte en redenasies, verskuil agter sogenaamde kerklike gesag, na die middelpunt te ruk.

Vandag, 486 jaar later, is en bly dit hoogs aktueel om weereens te besin oor die vraag wat die Reformasie was, wat Reformasie is en wat Reformasie nie is. Juis vandag word daar baie aansprake en appèlle op die begrip, die idee en die impak van die Reformasie van die 16de eeu gemaak. Juis vandag word 'n begrip soos "Hervorming" gereeld misbruik. Hervormingsondag word daarvoor ingespan. Daarom is dit nie net sinvol nie, maar ook 'n roeping in verantwoordelikheid teenoor ons hemelse Vader in Jesus Christus om ons oor reformasie te verantwoord. Aan die een kant word 'n teologie, sonder die Christus van die Bybel, in Suid-Afrika beoefen. Die sogenaamde "Nuwe Hervorming" verwerp in sy volste konsekwensies alle sentrale geloofstukke van die christelike geloof. Aan die ander kant kry 'n mens teoloë, wat reken hulle is 'bydertyds'. Hulle doen 'n beroep op die gereformeerde erfenis, terwyl hulle inderwaarheid in die hande van bogenoemde teologie speel. Op 'n soortgelyke Skrifbeskoulike grondslag probeer hulle op sand, in plaas van op Christus, hulle teologiese huis, te bou. Sommige van hierdie teologiese uitgangspunte en oortuigings in die breëre hedendaagse Suid-Afrikaanse teologie, maar ook binne gereformeerde geleedere, is vir baie lidmate verwarrend en vir die uitdra van die evangelie skadelik. Hierteenoor word die kerk van Christus geroep om getrou te bly aan Hom en sy Woord.

Vervolgens word kortliks stilgestaan by een van Luther se stellings asook belangrike uitsprake deur Calvyn. Hierin word die gees van die Reformasie as 'n terugryp na die Woord, weerspieël. Sommige aspekte van die huidige teologie in Suid-Afrika word daarna by wyse van 'n aantal stellings uitgelig.

Uitsprake van Luther en Calvyn

"Die regte ware skat van die kerk is die allerheiligste Evangelie van die heerlijkheid en die genade van God." (Luther, 1517, 62ste Stelling)

Eenheid van die kerk

In sy brief aan die Roomse Kardinaal Sadoletus, waarin Calvyn die gereformeerde godsdienst, gereformeerde teologie en gereformeerde kerke verdedig, skryf hy in 1537:

"U probleem, meneer die Kardinaal, is dat u nie die stryd van die gewete ken nie ..., u het maar 'n gemoedlike idee van kerkwees en teologie ..." (1537, Responsio Sadoletus, OS I, 477).

Na aanleiding van die beskuldiging dat die gereformeerdes die kerk sou skeur, sê Calvyn aan Sadoletus: "As dit enigsins waar sou wees dat die gereformeerdes die Bruid van Christus sou verskeur, dan verdien ons tereg om verwerp te word, maaër die kerk is slegs één in soverre dit in God die oorsprong en in Hom die doel vind, dit wil sê na Christus se stem luister, sy Woord gehoorsaam" (OS I, 488; vgl. Link, 342).

Woord en Gees

Calvyn wys op die diepste probleem van daardie tyd en eintlik van alle tye. Veral vandag is dit nog altyd aktueel.

Hy wys daarop dat gereformeerdes met opponente uit twee rigtings (die Roomse kerk en die dweppers, die Wederdopers), in wese met een en dieselfde probleem te kampe het. Die Roomse kerk luister nie na die Skrif as Woord nie; volgens hulle het die kerk die finale sê. Die Wederdopers luister ook nie na die Skrif as Woord nie; volgens hulle sê die Gees binne-in jou wat die waarheid is of wat jy moet doen. Beide kante beledig die Gees met hulle ongehoorsaamheid aan die Woord deurdat hulle die Gees en die Woord van mekaar losmaak. Dit is nie moontlik dat die kerk deur Christus regeer word, terwyl die Woord intussen begrawe word nie. Die Gees Sêlf het Homself onlosmaaklik aan die Woord gebind. (OS I, 465 e.v.)

Die vinger lê hier seker op die grootste dwaling in die teologie: om nie rekening te hou met die Bybelse verhouding tussen die Heilige Gees en die Woord van God nie.

Stellings oor reformasie en die Gereformeerde belydenis

1. Die gesag van die Woord

In die sestiende-eeuse Reformasie was die vraag oor die gesag van die Woord van God in die brandpunt. Die hele stryd oor die regverdiging en alle ander vraagstukke waaroor geworstel is, het berus op die sentrale aspek: Word die gesag van Christus soos wat Hy Hom in sy Woord openbaar, aanvaar of nie? Vandag gaan dit ten diepste steeds oor dieselfde vraag.

2. Alleen die hele Skrif

Tydens die Reformasie, soos ook in die vroeë kerk, was die uitgesproke uitgangspunt dat God Homself in die Skrif openbaar. In die gereformeerde teologie het die sola Scriptura (alleen die Skrif) as finale Skrif- en hermeneutiese uitgangspunt nog altyd die tota Scriptura-beginsel (die hele Skrif) veronderstel (artikel 3 Nederlandse Geloofsbelijdenis).³ Die gereformeerde belydenisse hanteer die Skrif as Woord van God konsekwent volgens hierdie beginsel. Enige afwyking van die tota Scriptura-beginsel verlaat nie net die fondament van die Reformasie nie, maar is wesenlik in stryd met die Formuliere van Eenheid.

3. Christus se gesag

Met die invoering van die 2001-omdigting het die GKSA die eerste keer in die geskiedenis, bewustelik of onbewustelik, 'n (onderliggende) Skrifbeskouing, wat in sy wese afwyk van die gereformeerde belydenis, formeel aanvaar. Verskillende sinodebesluite is almal simptome van 'n dieperliggende probleem wat grotendeels met Skrifbeskouing verband hou.

'n Keuse vir die 2001-Psalmomdigting is, wetend of onwetend, noodwendig 'n keuse vir 'n Skrifbeskouing⁴ waarby die Bybelse openbaring oor God Self en ons belydenis daarvoor in gedrang kom. Daar word boonop 'n streep deur Jesus Christus se gesag getrek.

By ontleding van die hele problematiek rondom die 2001-omdigting, al die kritiek, knelpunte en argumente ten gunste van en teen die omdigting, kom die hart van die vraag waaroor dit gaan, op een saak neer: Glo ons Jesus Christus wanneer Hy sê dat Dawid onder leiding van die

Heilige Gees van Hom in Psalm 110 geprofeteer het (Matteus 22:43,44 en Markus 12:35,36)? Of, uit 'n ander hoek: Profeteer die profete van die Ou Testament, waaronder Dawid en die Psalms, onder leiding van die Heilige Gees van Christus, soos Hyself sê, of nie? Dit raak die grondliggende beginsel van die Reformasie. By die antwoord op hierdie vraag kan ons met die woorde van Luther sê, staan of val die kerk. By hierdie vraag gaan dit nie bloot oor 'n "verskil in interpretasie" (Kerkblad, April 2003) of verskillende aksente, soos wat sommige sê nie. Die 2001-omdigting sowel as die sogenaamde "Nuwe Hervorming" antwoord officieel nee op hierdie vraag. Hierdeur word die Nuwe-Testamentiese uitsprake, dié van Christus, oor die Ou-Testamentiese profesie, óf tot leuen gemaak - die Heilige Gees is direk ter sprake - óf baie geraffineerd word die Nuwe Testament tot 'n vorm van Gemeendetheologie verlaag, soos wat die Bybel in Praktyk, bl 756 dit doen en soos wat een van die adviseurs van die 2001-omdigting skryf: "Die aanhaling [van Psalm 31:6 deur Lukas 23:46] dien Lukas se teologiese oogmerke. ... Ons weet nie of Jesus dit self aangehaal het en of dit deur die Lukas skrywer in die mond gesit is nie." Die voetnote by die 2001-omdigting kan daarom hoogstens aandui waar die Nuwe Testament die Psalms "gebruik", in plaas daarvan om te buig voor Christus se gesag, waar Hy sê dat Dawid onder leiding van die Heilige Gees van Hom profeteer.

Dit gaan oor niks minder nie as die "hoop" wat deur Paulus in Handeling 26:7 verkondig word; die enigste hoop (Handeling 23:6); die hoop wat in die Ou Testament geopenbaar is (Handeling 24:14,15). By implikasie word hierdie hoop officieel in beginsel en by voorbaat deur die 2001-omdigting ontken; die hoop op die opstanding (Handeling 24:21); die hoop waarvoor Paulus bereid was om in kettings gebind te wees (Handeling 28:20); die hoop op dit wat ons nie kan sien nie (Romeine 8:24); die hoop wat die Heilige Gees, deur sy Woord (reeds deur die Psalms in die Ou Testament) in ons wek (Romeine 8).

Hoe sou Stéfanus, die eerste martelaar van die Nuwe-Testamentiese kerk, met die woorde van Psalm 31:6 en met die belydenis van Christus as sy Here op sy lippe kon sterf, as hy die standpunt van 'n adviseur van die 2001-omdigting oor "Lukas se teologiese oogmerke" moes onderskryf?

Verskillende beoordelings van die 2001-Psalmomdigting berus nie bloot op "uiteenlopende menings en gemengde gevoelens" (Kerkblad, Oktober 2003) nie. Dit berus ook nie op 'n eksegetiese misverstand (Kerkblad, Maart 2003) nie. Ten diepste hou dit in dat Nuwe-Testamentiese uitsprake, onder andere deur Christus Self en die apostels, nie as gesaghebbend aanvaar word nie; 'n verskuiwing in Skrifbeskouing wat afwyk van die gereformeerde Skrifbeskouing, soos uitgedruk in ons belydenisskrifte. Daarom is daar nie, soos gerieflikheidshalwe in kerklike kringe gesê word, slegs met 'n paar Psalms (byvoorbeeld 2, 22 en 110) in die 2001-omdigting 'n probleem nie. Die Skrifbeskouing ten grondslag van die hele 2001-omdigting is problematies; hierdie verskuipte Skrifbeskouing toon meer gemeenskaplike trekke met die Skrifbeskouing van die sogenaamde "Nuwe Hervorming" as met die Skrifbeskouing soos ons dit in die Nederlandse Geloofs-belydenis en in die Heidelbergse Kategismus bely.

Dit is dus nie houdbaar om in die voorwoord van die 2003-Psalmboek (bl XIII) melding te maak van die Hoofskap van "Jesus Christus die Here" oor die kerk nie. Hierdie

Hoofskap is in die totstandkoming van die 2001-omdigting eksegeties opsygeskuif (met verwysing na Christus se eie beroepe op die Psalms wat van Hom getuig). Christus se Hoofskap kan immers nie daarvan losgemaak word dat Hy ons hoogste Leraar en Profeet (Heidelbergse Kategismus, Sondag 12) en Middelaar (Heidelbergse Kategismus Sondag 6, vraag 19) is nie, ook in sy uitsprake oor die Psalms.

4. Ons geloof in Christus en Christus se gesag

In die Suid-Afrikaanse, en in besonder die gereformeerde teologie, is niks minder nie as die belydenis van ons geloof in Christus en Christus se gesag tans in gedrang.

Ons het hier nie bloot met 'n akademiese paradigma-verskuiwing, à la Kuhn, te doen nie, maar met 'n ander Skrifvremde Skrifbeskouing en hermeneutiek. Dit vorm die grondslag van talle standpunte, ook van sommige sinodebesluite. Hierdie Skrifbeskouing wyk in sy diepste grondmotief af van die gereformeerde belydenis oor die Skrif as Woord van God. Weens sy belydenisafwykende karakter moet dit deur 'n biblisitiese tekshantering reggedokter word.

Dit gaan hier nie oor 'n geringe saak, oor iets middelmatig nie.⁵ Dit gaan oor Christus self en oor sy gesag; oor die vraag of ons dit wat Hyself in Matteus 22:43, Markus 12:35,36 en elders sê, glo; of ons Hom glo. Ons glo in Christus het direk te doen met of ons Hom glo.⁶

5. Skrifvremde Skrifbeskouing

Die goedkeuring van die 2001-Psalmomdigting is die één grootste, offisiële daad van deformasie (kerkverval) in die geskiedenis van die GKSA. Die sinode het 'n keuse vir sowel 'n Skrifvremde Skrifbeskouing as 'n ongereformeerde hermeneutiek gemaak. Dit is wel waar dat dit nie 'n nuwe Skrifbeskouing is nie. Hierdie ander Skrifbeskouing is maar 'n ou dwaling, deels in 'n nuwe kled, deels met nuwe ywer verkondig. Wat wel nuut is, is die poging om hierdie Skrifbeskouing onder gereformeerde vaandel te probeer bevorder. Die Heilige Gees word losgemaak van die Woord. Op grond van sogenaamde sosio-historiese interpretasies word besluit om in die eksegesis van die Psalms met die oog op die omdigting die eenheid van die Woord (tota Scriptura) in te ruil vir 'n buite-Bybelse uitgangspunt, naamlik "deur die Psalms te verstaan soos die eerste hoorders dit sou verstaan het."⁷

6. Grondbeginsel vir 'n gereformeerde erediens

Met die goedkeuring van die 2001-Psalmomdigting is een van die basiese grondbeginsels vir 'n gereformeerde erediens, die Woord as enigste maatstaf, verlaat (Kerkorde artikel 69). Die sinode het ten spyte van sy eie vorige besluite in dié verband, nie die afsonderlike omdigtings aan die Woord getoets nie.

Soos met die invoering van die Gesangboek byna twee eeue gelede (1812/1814) is ook die inhoud van 2001-omdigting, dié keer sowel in die geval van die NG-Kerk as die GKSA, nie deur 'n sinode getoets nie. In die NG-Kerk is dit deur hulle Algemene Sinodale Kommissie goedgekeur. In die geval van die GKSA is daar konsekwent geweier om die afsonderlike Psalms se omdigtings te beoordeel (vergelyk die minderheidsrapport). Die taak is aan sogenaamde "kundiges" oorgelaat. Hierdie praktyk sluit aan by die beginsels en werkswyse van die Roomse kerk (vergelyk Sadoletus in sy Epistola, OS I, 449, 1537).

7. Voetnote en gemeente-teologie

Die poging om die teologiese probleme met die 2001-omdigting met voetnote te probeer regskaaf, het die werklike probleem waaroor dit gaan, naamlik 'n Skrifvreemde Skrifbeskouing, verder bevestig. Die voetnote maak die omdigting nie meer aanvaarbaar nie. Inteendeel, dit lê juis die Skrifbeskouing grondliggend aan die 2001-omdigting bloot. Dit impliseer dat die gereformeerde belydenis oor die Skrif as Woord van God ingeruil word vir "gemeenteteologie" as verklaring vir die oorsprong van die Skrif. Dit ontken Jesus Christus se eie uitspraak dat die hele Ou Testament, ook die Psalms, van Hom getuig (Lukas 24). Dit aanvaar nie dat die Heilige Gees vir Dawid gelei het om in Psalm 110 van Hom te profeteer nie. Nee, volgens die voetnote "gebruik" die Nuwe-Testamentiese skrywers die Psalms en "gebruik" (sic!) Jesus Psalm 110:1 "met verwysing na Homself". Om hierdie "gebruik" van die voetnote in die 2003-Psalmbboek te verstaan, hoef 'n mens maar net na ander kontemporêre Suid-Afrikaanse verklarings by Psalm 110 te kyk.⁸ Opvallend is die vermyding van die erkenning van die hele Skrif as Woord, waarvan die oorsprong by God is en die vermyding daarvan om die rol van die Heilige Gees te verreken in die uitleg wat aan Psalm 110 gegee word, in die Bybel in Praktyk asook in Die Bybellennium Eenvolumekommentaar. In plaas daarvan om Jesus se woorde eenvoudig te glo, dat Dawid deur die Heilige Gees gelei is, word dit verswyg. Daar word volstaan dat Jesus Christus, met verwysing na Psalm 110, 'n "derde interpretasie aan die psalm geheg het" (Bybellennium, bl 682).⁹ Die implikasie van hierdie siening is dat Jesus Christus se opmerking oor Dawid en die Heilige Gees nie ernstig opgeneem hoef te word nie; dit word nie as waar aanvaar nie en hoef dus geen rol te speel in die uitleg nie. Die verskuiwing na die ander, Skrifvreemde Skrifbeskouing word nog duideliker geïllustreer wanneer bogenoemde twee uitgawes met die Bybel met Verklarende Aantekeninge van 1958 vergelyk word. Hierin staan die gereformeerde Skrifbeskouing, erkenning van die Skrif as Woord van God en erkenning van die rol van die Heilige Gees in die totstandkoming van die Skrif, nog sentraal.¹⁰

Wanneer Christus se uitsprake oor die profesieë van die Ou Testament nie meer aanvaar word nie, kom nie net die gesag van sy uitsprake oor sy soendood, almag, ensovoorts in gedrang nie, maar inderdaad die hele evangelie en die gesaghebbende openbaring daarvan deur Christus (vergelyk Hebreërs 1). Die "Nuwe Hervorming" trek dan die konsekwensie deur ook die opstanding, ensovoorts te verwerp. Soos in die sestiende eeu gaan dit hier nog steeds oor die vraagstuk van die aanvaarding van die Woord van God as die enigste gesaghebbende bron van ons geloof en van die teologie en oor die Skrifuurlik-begronde verhouding tussen Gees en Woord.

8. Implikasies vir ons hele geloofsbelydenis

Die implikasies daarvan dat 'n mens Jesus Christus se Woord nie as gesaghebbend neem nie, is op verskillende vlakke onberekenbaar groot. Ons hele geloofsbelydenis kom in gedrang. Dit bring ook mee dat die grondslag vir sending wegval, soos wat reeds offisieel deur die Intergeloofbeweging (waaronder die "Nuwe Hervorming") verkondig en bevorder word.

9. 'n Teologie sonder Christus

'n Oppervlakkige teologie, sonder die Woord en ook sonder die primêre bronne, sekulariseer die gemeente. Wanneer die Woord sy primaat in die teologie verloor, verdwyn Christus uit die prediking, uit die kerklied, uit die kerk.¹¹

10. 'n Gereformeerde kerk moet altyd reformeer - terug na die Bron, die Woord

Die begrippe "Reformasie", "gereformeerde" of "Hervorming(-sdag)"¹² word gereeld in verskillende kerklike blaaie soos die Kerkblad, Kerkbode, ensovoorts misbruik; ook die slagspreuk "ecclesia reformata semper reformanda" word as blote emosionele appèl vir onskriftuurlike veranderings gebruik. Dit getuig nie net van 'n gebrek aan dogma-historiese insig nie, maar is ook lynreg in teenpraak met die oorspronklike gebruik van die uitdrukking en in stryd met die gees, bedoeling en taal van die Reformasie. Om te praat van "reformeer" sonder om te sê volgens watter maatstaf, is dus nie trou aan die gebruik van die begrip Reformasie of reformeer nie.

Ook kan die uitdrukking ecclesia reformata semper reformanda nooit losgemaak word van die begrip Reformasie soos gebruik in die sestiende eeu nie. Die begrip Reformasie was op sy beurt direk verbind aan die terug "na die bronne" (ad fontes). By die Reformatore het ad fontes spesifiek na die Skrifte, die 66 kanonieke boeke van die Bybel, die Heilige Skrif (Scriptura) verwys. Dit was nie eers 'n vraagstuk nie. Vir die Reformatore sou daar nie so iets soos "reformare" of "reformanda" wees indien dit nie direk op die Skrif betrek is nie.

Stellings oor Skrifbeskouing en hermeneutiek

Wanneer Jesus Christus vir die Fariseërs sê dat Dawid van Hom getuig, sê Hy dit nie in 'n voetnoot nie. Hy noem die karakter van Dawid se profesie baie duidelik: Dawid is deur die Gees gelei.

Jesus sê ook nie aan die Fariseërs dat hulle as eerste "hoorders" van sy woorde, op grond van hulle sosiologiese omstandighede, kan besluit of hulle sy woorde net as "gebruik" van die Ou Testament, net as 'n verdere interpretasie addisioneel by hulle voorvaders se (veronderstelde) interpretasie van die Psalm kan voeg nie. Hy sê uitdruklik en duidelik dat dit hier oor die Gees se bedoeling gaan - reeds by die profesie deur Dawid.

11. Die oorsprong van die Skrif

By eksegeese is dit uiteindelik 'n geloofsvraag of 'n mens die oorsprong van die Skrif as Woord by God sien, dit is openbarings-histories, of dat dit slegs histories gesien word. Geen antwoord op hierdie vraag is méér of minder wetenskaplik nie. Voorstanders van die sosio-historiese eksegeese, wat in 'n meerdere of mindere mate die oorsprong van die Skrif histories en nie openbarings-histories wil verstaan nie, is in hierdie aanname nie méér wetenskaplik as diegene wat die oorsprong van die Woord by God bely nie. Inteendeel, die "Nuwe Hervorming" en die hele intergeloofbeweging bewys hoe onwetenskaplik 'n mens is wanneer jy nie wil erken, of dalk nie eers beseft dat jy met vooropgestelde vertrekpunte werk nie. Hierdie vertrekpunte het nie met wetenskaplikheid opsigself te doen nie, maar wel

met geloof in Christus wat Hom deur sy Woord openbaar.

12. Skrifbeskouing as geloofsantwoord

Die geloofsantwoord op die vraag wáár die oorsprong van die Skrif is, bepaal by voorbaat met watter vrae na die Skrif gegaan word en is van deurslaggewende betekenis vir die antwoorde wat op die vrae verkry word. As die vraagstelling verkeerd is, kan die antwoord nooit reg wees nie.

13. Skrifverklaring téén die agtergrond of vanuit die agtergrond

Waar die Skrif binne 'n gebalanseerde verband teen die agtergrond van die sosio-historiese konteks verklaar word, as een van verskillende aspekte wat by die eksegeese in die ontsluiting van 'n teks in ag geneem moet word, sou dit een saak wees. Volgens alle aanduidings word die sosio-historiese metode egter op 'n absolute wyse as dié belangrikste "metode" uitgelig. Nie net die sosio-historiese omstandighede van die eerste lesers word belig nie, maar die sosio-historiese konteks word konstitutief by die totstandkoming van 'n Bybelse geskrif geag.

Die sosio-historiese eksegeese wil nie die Heilige Skrif teen die kultuur- of sosio-historiese agtergrond verklaar nie, maar vanuit daardie agtergrond. 'n Onvermydelike implikasie van só 'n benadering is die oplewing van die ou religionsgeskiedelike skool van byna 'n eeu gelede. Dit hou in dat 'n godsdiensvergelykende verklaring gebied word vir sowel Israel se godsdiens (een van vele soortgelyke ontwikkelings tussen al die buurvolke) as vir die christelike godsdiens wat bloot as Joodse sekte sou ontstaan het. Presies dit word deur die "Nuwe Hervorming" gepropageer (vgl. Muller, P, red. 2002. Die Nuwe Hervorming. Pretoria: Protea). Dít lei op sy beurt noodwendig tot die propagering van intergeloof. Johannes 14:6 word sosio-histories gerelativeer (sien *ibid.*, Spangenberg, bl 107).

14. Onbybelse skeiding tussen vorm en inhoud

Die sprong tot 'n uitleg van 'n Bybelse skrywer se (sosio-historiese) motiewe as verklaring vir sy (tydgebonde) uitsprake, waarby die deurlopende openbaring van God, die openbaringshistoriese aspek, nie tot sy reg kom nie, doen gewis afbreuk aan die Skrifgesag. Veral waar buite-Bybelse gegewens, dikwels heeltemal onkrities, as deurslaggewend gebruik word by eksegeese, selfs téén die ooglopende strekking en sin van 'n Skrifgedeelte in, soos uitgelê deur die grammaties-historiese verklaring, kan die gebalanseerdheid van die sosio-historiese metode bevraagteken word.

In die toepassing van hierdie metode is 'n mens maklik terug by Kuitert se onderskeiding tussen "verpakking" en "Sache" (vorm en inhoud). Die betrokkenheid van die Heilige Gees by sowel die totstandkoming van die Skrif as by die eksegeese daarvan, word nie genoegsaam geloofsmatig en teologies verreken nie.¹³

15. Kontekstuele teologie as ontkenning van God se openbaring

Wanneer nie slegs die sosio-historiese agtergrond van die eerste lesers in ag geneem word nie, maar ook die sosio-logiese omstandighede van die huidige lesers (byvoorbeeld die Grondwet van die RSA of huidige tendense in die

samelewing) as finale maatstaf geneem word by die uitleg van 'n teks, het 'n mens nie net te doen met kontekstuele teologie wat 'n ideologiese baadjie aan het nie. Dit is ook in stryd met die gereformeerde belydenis, artikel 7 NGB en uiteindelik met die gesag van Christus soos wat Hy Homself in sy Woord openbaar.

16. Die Skrif as Woord van God en die Heilige Gees

Die gereformeerde teologie maak erns met die belydenis dat die Heilige Skrif die Woord van God is (artikel 3 NGB). Dit veronderstel dat die oorsprong van die Heilige Skrif by God is. Die Heilige Gees het 'n bepaalde, primêre rol by die totstandkoming van die Heilige Skrif. Daarom word as uitgangspunt die eenheid van die Woord van God bely. Dit het bepaalde hermeneutiese implikasies. 'n Belangrike implikasie is die eksegetiese beginsel *sacra Scriptura sui ipsius interpres* (die Heilige Skrif is vir homself sy eie verklaarder). Daar is 'n keuse vir die openbaringshistoriese eksegeese, in plaas van die sosio-historiese eksegeese. Hierdie eksegetiese beginsel staan lynreg in teenstelling met 'n benadering dat die finale maatstaf van die eksegeese van 'n bepaalde teks(-te) buite die Skrif gesoek moet word, soos in die sosio-historiese konteks.¹⁴

17. Biblisistiese teologie met die skyn van sola Scriptura

Die losmaak van die sola Scriptura-belydenis van die tota Scriptura-belydenis (vergelyk ook *una Scriptura*) lei na 'n biblisistiese, ongereformeerde hantering van Bybeltekste. Dit skep die indruk van sola Scriptura, maar het in werklikheid niks in gemeen met die reformatoriese sola Scriptura nie. Só 'n Skrifhantering maak die Gees los van die Woord¹⁵ deur wel met uitsprake, soos "volgens Skrif en belydenis", die skyn van sola Scriptura te hê. In die praktyk word die Skrif egter op biblisistiese wyse hanteer; teks-gedeeltes of boeke word doelbewus sonder inagneming van, of lynreg téén die strekking van die breër Skrifverband in, hanteer.

'n Biblisistiese hantering van die Skrif is op sy beste aan menslike willekeur oorgelaat. Die volgende voorbeeld illustreer dit. Die sinode sê dat ons nie die Nuwe-Testamentiese uitsprake, ook Christus se uitsprake oor byvoorbeeld Psalm 110, as uitgangspunt kan neem nie. Die Psalms moes omgedig word "soos die eerste hoorders dit gehoor het". (Dit is dikwels moeilik onderskeibaar van "soos huidige teoloë dit graag sou wou hoor".) Op 'n biblisistiese wyse, met die skyn van sola Scriptura, moet die vierde gebod nou skielik anders as die ander nege gebooe verstaan word, want, so sê die Sinode (Acta, bl 486, punte 14 en 15): "Die eis van die Sabbatgebod ontbreek in die Nuwe Testament". Wat van die eis van Christus oor die Psalms wat op Hom wys? Dié uitspraak word by herhaling eksplisiet in die Nuwe Testament gestel. Dit is die probleem van biblisme. Die erns met en gehoorsaamheid aan die Bybelse verhouding tussen Ou en Nuwe Testament ontbreek. Vergelyk daarteenoor Calvyn, Inst. 2.10.2: In die Ou en die Nuwe Testament het ons één Evangelie, twee bedienings.

Daar is nog 'n praktiese voorbeeld waar biblisme in "gereformeerde geleedere" sy intog geneem het: Die "leer" kan volgens die Skrif nooit losgemaak word van die Woord, van die verkondiging, van die evangelie en van die eksegeese nie. Hierdie onlosmaaklike eenheid tussen "leer" en "ver-

kondiging" bied nie net 'n Bybelse perspektief op die eis na 'n tweede (of meer) erediens(-te) per Sondag nie, maar fundeer ook Skriftuurlik op 'n organiese (gereformeerde) wyse die "leerprediking" (of liewers "onderrigprediking") tydens die tweede diens op Sondag (Dordse Kerkorde artikel 68), spesifiek as wyse waarop die kerk opgebou word. Die beweerde teenstelling tussen vrye-stof-prediking en Kategismusprediking blyk 'n valse teenstelling te wees. Die argumente, as sou daar nie Skrifgronde vir twee (of meer of inderdaad so veel as moontlik) erediens op 'n Sondag wees nie, blyk bibliisitiese antwoorde op die verkeerde vraagstelling te wees.

18. Uiteindelijke resultate van die sosio-historiese metode

Wanneer die sosio-historiese metode tot sy volle konsekwensies deurgevoer word, lei dit uiteindelik noodwendig tot die resultate van die "Nuwe Hervorming": die verwerping van die Apostoliese Geloofsbelydenis soos wat die artikels van Spangenberg en Wolmarans onder meer bewys. Professor John Dominic Crossan, Fellow van die Westar Institute, is onder meer by die "Jesus Seminar" betrokke. Die sogenaamde "Nuwe Hervorming" kan hierna teruggevoer word. Hy gebruik presies dieselfde uitgangspunt vir sy eksegeese as wat die deputate vir die 2001-omdigting gehad het. "Wat hy probeer doen, sê Crossan, is om met eerste-euse ore te probeer luister na wat die Bybel sê. Hy probeer vertolk hoe Jesus van Nasaret se tydgenote die boodskappe sou verstaan." (Beeld, 17 April 2002.) Die deputate sê: "Die kommissies het besluit om die grondteks te volg deur die Psalms te verstaan soos die eerste hoorders dit sou verstaan het" (Agenda, Sinode 2003, bl 280).

Die Skrifbeskouing grondliggend aan die advies by die 2001-Psalmomdigting deel die benadering van navorsers wat verbind word aan die "Nuwe Hervorming" in dié opsig dat aanhalings van Jesus Christus in die Nuwe Testament by geleentheid beskou word as woorde wat by nabaat deur die betrokke skrywer vir Jesus in die mond gelê is.¹⁶

Die implikasies van die sosio-historiese eksegeese as belangrike, konstitutiewe skakel tot die ontstaan en uitleg van 'n teks lei uiteindelik onder andere ook daartoe dat 1 Korintiërs 15 byvoorbeeld bloot teen die agtergrond van die Joods-Christelike denke van Paulus gelees en verklaar moet word. Daarmee kom die historiese opstanding van Jesus Christus in gedrang, soos ons reeds sien by Wolmarans en ander. As nie aanvaar word dat die Skrifte, waaronder ook die Psalms, histories oor Christus geprofeteer het nie (1 Korintiërs 15:3,4), waarom moet die res van 1 Korintiërs 15:3,4, Jesus Christus se sterwe vir ons sondes en sy opstanding aanvaar word? Waarom moet nog sending gedoen en die Woord verkondig word?

Stellings oor die kerk

19. Die ware kerk

Wanneer nie meer erns gemaak word met die belydenis van die kenmerke van die ware kerk soos bely in artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis nie, het deformasie (kerkverval) reeds begin intree.

20. Sending

Die eerste kenmerk van die ware kerk, dat die Woord suiwer bedien moet word, veronderstel dat elke kerk, dit is elke gemeente, 'n sendende gemeente is en moet wees.

21. Eenheid slegs rondom en onder die Woord

Sinodebesluite wat nie volgens die Woord is nie, verskeur die bruid van Christus, sy kerk. Skeuring vind nie net binne dieselfde tydsgewrig en dieselfde geografiese gebied plaas nie. Skeuring kan ook oor die eeue en oor lands- en kontinentgrense heen plaasvind – met die kerk van ander tye en oor die wêreld heen. R Schlenzka skryf hieroor: "die kerk van (Christus) mag nie breek met die kerk van ander tye en op ander plekke, deur homself hoër as die Woord en die uitdruklike geboorte van die Here te stel nie." In artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis bely ons die volgende: Die valse kerk "skryf aan homself en sy besluit meer mag en gesag toe as aan die Woord van God; dit wil homself nie aan die juk van Christus onderwerp nie; dit bedien die sakramente nie soos Christus dit in sy Woord beveel het nie, maar neem weg en voeg by na eie goeddunke; dit vertrou meer op mense as op Christus, en dit vervolgt hulle wat volgens die Woord van God heilig lewe en wat die valse kerk oor sy ewels, gierigheid en afgodery bestraf."

Wanneer besluite op kerklike vergaderings geneem word sonder om dit deeglik en grondig aan die Skrif en belydenis te toets, en dit dan verder net op grond van die meerderheid afgedwing word, word die eenheid van die kerk sistematies afgetakel. (R Schlenzka, 1995.)

22. Eis van gehoorsaamheid

Die (meestal) ongefundeerde en onbybelse onderskeiding van wesenlike en middelmatige sake - waar dit met leer, diens en tug verband hou - het vernietigende gevolge vir die plaaslike kerke en vir die geloofsewige van individuele gelowiges. Vele beroepe op Calvyn in hierdie verband is ongegrond en hou wetenskaplik-histories nie water nie. Die eis van gehoorsaamheid verdwyn heeltemal op die agtergrond. Intussen is verskillende sinodebesluite, waarvan die belangrikste die aanvaarding van die 2001-Psalmomdigting is, nie middelmatig van aard nie. Dit raak die hart van ons geloofsbelydenis, die tekens van die ware kerk (artikel 29 NGB) en die wese van gereformeerd-wees.

23. Die Roomse idee van "kundiges" versus die gereformeerde belydenis van die verstaanbaarheid van die Skrif

Die gedagte dat sogenaamde "kundiges" kerklike sake moet beoordeel en daarvoor moet besluit, hetsy op sinodes of andersins, is uit en uit Rooms.¹⁷

Daarteenoor glo en bely ons die duidelike verstaanbaarheid van die Skrif (perspicuitas), die eenvoud van die evangelie.¹⁸

24. Ouderlinge as opsieners, nie kundiges nie

Die Here het ouderlinge as herders en as opsieners oor die gemeente aangestel (Handelinge 20:28); nie sogenaamde kundiges nie; ook nie sogenaamde sinodale kundiges nie.

25. Fundamentalistiese misbruik van die Kerkorde

Die kerkorde, byvoorbeeld artikel 31, word in baie gevalle op 'n fundamentalistiese wyse uitgelê. Die konfessionele en historiese word verwaarloos deurdat ons belydenis in artikel 7 van die Nederlandse Geloofs-belydenis verwaarloos word; die begrip "tensy" van artikel 31 KO word verkeerdelik as "totdat" geïnterpreteer en verabsoluteer. Hiermee is ons terug by 'n Roomse dwaling wat die gesag van die kerk, al is dit net tydelik tot 'n volgende sinode, hoër ag as die gesag van Christus in sy Woord. Dit dui op 'n institusionalisering van die kerk waarteen WD Jonker waarsku.¹⁹ Daarom is daar toenemende frustrasie onder lidmate, omdat beswaarskrifte slegs "tegnies" hanteer word, sonder dat geluister word na die saak. Daar is dus 'n toenemende onkunde en onwilligheid in die GKSA om met die kerkorde die Woord te bedien.

26. Onordelike hantering van artikel 69 van die Kerkorde

Sinode 2003 het artikel 69 KO met die aanvaarding van die 2001-omdigting de facto genivelleer, nie net deurdat die afsonderlike omdigtings nie aan die Woord getoets is nie (in stryd met staande sinodebesluite hieroor), maar ook deur die invoering van die "vrye lied" onder die skynnaam van Psalmomdigting.

27. Sogenaamde kampe of groepe in die GKSA en die negende gebod

In werklikheid is daar geen sprake van twee groepe of strominge in die GKSA, soos wat allerweë voorgegee word nie. Hierby word dikwels etikette toegedig – in stryd met die negende gebod. Dit sou meer korrek wees om eerder, oor die algemeen beskou, drie groeperinge te onderskei. Twee groepe bestaan uit onderskeidelik die (bewuste of onbewuste) voorstanders van twee verskillende, teenstrydige Skrifbeskouings (met variasies tussenin). Verder is daar 'n (groot) groep lidmate, ouderlinge en predikante wat of nie self bereid is om te beoordeel nie, of nie besef dat die gereformeerde Skrifbeskouing en daarmee die hele gereformeerde belydenis (insluitende die ekumeniese belydenisse) op die spel is nie. Hulle laat hul deur ander faktore, byvoorbeeld die meerderheid op kerklike vergaderings, buite-kerklike druk, of sogenaamde "kundiges", lei. Die twee Skrifbeskouings wat mekaar grotendeels uitsluit, is aan die een kant die gereformeerde Skrifbeskouing wat volgens artikels 3-7 NGB bely dat die Skrif as geheel die Woord van God is, en aan die ander kant 'n Skrifbeskouing wat die eenheid van die Woord losgelaat het deur die uitsprake van Christus Self, asook ander uitsprake in die Nuwe Testament oor die Messianiteit van die Psalms, nie as gesaghebbend te aanvaar nie. Die voetnote wat by nabaat bygevoeg is en alle rasionalisasie daarmee saam, neem nie die onderliggende Skrifbeskouing wat as grondslag vir die 2001-omdigting gedien het weg nie. Dit bevestig intendeel prinsipiële sowel as materieel laasgenoemde Skrifbeskouing.

28. Sing tot die Here 'n "nuwe lied" - slegs moontlik in Christus

Die "nuwe lied" (vergelyk Psalm 98) van die gereformeerde kerke, wat slegs in Christus nuut is - op geen ander wyse nie - word deur die aanvaarding van die 2001-omdigting ingeboet vir die ou lied wat hoogstens in 'n sinagoge of

moskee²⁰ kan deug, omdat dit sonder Christus is. Wat sou die rol van die druk vanuit "intergeloof"-kant, soos in die onderwys, op sienings in ons kerke wees?

29. Die bevraagtekening van ons geloofsbelydenis

Die Nuwe Hervorming bevraagteken geloofs- en historiese waarhede, soos Christus se geboorte "uit die maagd Maria". Dit is ook op die onlangse NG-Streeksinode Noord-Transvaal bevraagteken. Die bevraagtekening van Christus se soendood asook sy opstanding "uit die dood", soos wat dit in die Apostoliese Geloofsbelydenis bely word, is ook glad nie nuut nie. Wat wel nuut is daaraan, spesifiek in Suid-Afrika, is die radikale, openlike verwerping van sentrale geloofsartikels onder die skyn van wetenskap en die groot nuuswaardigheid wat daaraan verleen word. In gesekulariseerde state soos in Wes-Europa is die kritiek teen hierdie geloofsartikels, om die waarheid te sê, lankal "ou nuus". Die wortels daarvan kan sover as in die agtiende eeu (vergelyk die werk van Sigmund Jakob Baumgarten, 1706-1757 en Johann Salomo Semler, 1725-1791) en die negentiende eeu (vergelyk Ferdinand Christian Baur, 1792-1860 en David Friedrich Strauß, 1808-1874) teruggevind word.

30. Teologie en die kerk

Wat vandag in die teologiese lesinglokaal geleer word, word môre van die kansels af verkondig. Teologie as sodanig is nie slegs teoreties of iets wat nie direkte gevolge vir die kerk van Christus het nie. Gereformeerde teologie as Woord-teologie is niks anders en wil niks anders wees as Woordbediening nie. Daarom kan en mag daar nooit 'n skeiding tussen kerk en teologie wees nie.

31. Gees en Woord

Die Gees mag nie uitgeblus word nie; die profesieë (Woord) mag nie geringskat word nie (1 Tessalonisense 5:19, 20). Die dag as 'n gemeente nie meer voor die Woord van God alleen buig nie, die dag as die kerk van Christus nie meer die Woord alleen gehoorsaam nie, die dag as die Woord alleen nie meer verkondig word nie, is só 'n kerk nie net nie meer gereformeerd nie, maar dood. Só 'n kerk wat ongehoorsaam is aan die Woord en daarom die gloeiende kole van die Gees uitblus, is inderdaad 'n dooie kerk, "al het hulle die naam dat hulle lewe" (Openbaring 3:1, 10).

Slotstelling

32. Christus se opdrag

Ons Here Jesus Christus is nie net Hoof van sy kerk nie. Hy is ook die goeie Herder (Johannes 10) wat almal wat vermoeid en belas is na Hom toe uitnooi. Hy het ons met sy kosbare bloed vrygekoop. Hy eis dat ons mekaar sal vind en dat ons rondom sy Woord één sal wees. Daar is nie 'n ander opsie nie. Dit is 'n opdrag van ons Koning. Eenheid slegs in Christus en sy Woord. Hy verwag niks minder van ons nie. Hy belof sy teenwoordigheid deur sy Gees, dáár waar sy Woord is, totdat Hy weer kom.

1 Volgens Melanchthon, vgl. Brecht; Lohse.

2 Vgl. Luther, WA, 95 Thesen; vgl. verder Lohse: 61.

- 3 Vgl. W. van 't Spijker, W. 2001. Calvin. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- 4 Vgl. W. Balke oor Eduard Böhl.
- 5 Sodra 'n mens eksegeties of teologies vasdraai, word na die oplossing gegryp om 'n saak as "middelmattig" te verklaar, ongeag die vraag of dit van God se kant af middelmattig is (vergelyk R Schlenzka, 1995).
- 6 Wanneer nie aanvaar word dat dit Christus is wat in Matteus 22:43 praat nie, of wanneer Jesus Christus nie geglo word wanneer Hy sê dat Dawid in Psalm 110 deur die Heilige Gees gelei is om van Hom (Christus) te getuig nie (Matteus 22:43; Markus 12:35,36), kom die hele evangelie, die hele belydenis, ons hele geloof in gedrang. Wanneer nie aanvaar word dat dit Christus is wat in Lukas 24:44 praat nie, om watter rede word sy opstanding (ook Lukas 24) dan nog aanvaar?
- 7 Agenda Nasionale Sinode 2003, bl 280.
- 8 'n Verdere negatiewe implikasie van die voetnotas is die idee dat net party Psalms Messiaans is. Dit is 'n uitvloeisel van 'n biblisme wat toenemend die teologie in die algemeen en die gereformeerde teologie in die besonder begin oorheers.
- 9 Die digter van die 2001-omdigting het uit eie inisiatief en by verskillende geleenthede, met 'n beroep op sy teologiese adviseurs, kategorieë verklaar dat hierdie omdigting die Psalms nie Messiaans sien nie. Hulle aanvaar dus nie Christus se eie uitsprake oor die Psalms (byvoorbeeld Matteus 22:43) as gesaghebbend nie. Dit verraa 'n bepaalde ongereformeerde Skrifbeskouing.
- 10 Onderliggend aan die voetnotas se formulering lê 'n vorm van biblisme. Nie net die Psalms nie, maar ook die Nuwe Testament word buite konteks van die eenheid van die kanon slegs as afsonderlike religieuse tekste gesien. Alle pogings om die 2001-omdigting by nabaat teologies te probeer goedpraat of regverdig, is futiel weens die verskuiwing in Skrifbeskouing wat ten grondslag daarvan lê. Dit het nie net gelei tot die ontkenning van die Messianiteit van die Psalms in beginsel nie, maar ook tot 'n onnoukeurige omgang met God se Naam en met die inhoud van die Psalms. Ter illustrasie: wanneer die Skrif nie meer in sy geheel as Woord van God gesien word nie, help dit nie om die gereformeerde belydenis by nabaat weer geforseerd te probeer inlees nie. Die verleentheid van die 2001-omdigting, waar groot dele van die Woord op grond van menslike willekeur uitgelaat is, kan nie deur die voetnotas verdoesel word nie. 'n Voorbeeld hiervan is waar Psalm 31:6 (kruiswoorde van Jesus) in die 2001-omdigting uitgelaat is. Die toepaslike voetnota by die 2001-omdigting moet dus noodwendig ook ontbreek. Indien die Psalms slegs "gebruik" (voetnote in 2003-Psalmbboek; Bybel in Praktyk) of geïnterpreteer sou word (Kerkblad met verwysing na Psalm 110; Bybel in Praktyk; Bybellennium) verval die grond van die totale verkondiging van sowel die evangelies as Handeling asook die res van die Nuwe Testament. Die apostels sluit in hulle verkondiging konsekwent aan by die Ou Testament. In 1 Korintiërs 15:3,4 staan dat Christus, "volgens die Skrifte" (Ou Testament), vir ons sondes gesterf het, begrawe is en opgestaan het. Dit is dan ook hoogstens "interpretasie". Nie net die gronde vir ons hele belydenis berus dan bloot op interpretasie deur mense lank gelede nie, maar ook ons belydenis self word 'n blote konstruksie, sowel wat die versoeningswerk van Christus en sy opstanding betref, asook ons totale geloof in God en ons geloofsbelijdenis van hierdie geloof in God Drie-enig. Wanneer die Nuwe-Testamentiese openbaring, dat die profete, onder meer Dawid, deur die Gees gelei is, nie aanvaar word nie, maar in plaas daarvan deur middel van voetnote net na Nuwe-Testamentiese

- aanhalinge uit die Ou Testament (Psalms) verwys word, is die gereformeerde Skrifbeskouing in sy mees grondliggende faset, naamlik die erkenning van die eenheid van die hele Skrif as Woord van God verlaat. Daarmee kom die diepste hart van die Reformasie, die solo Christo-, die solo Verbo en die sola Scriptura-belydenis, in gedrang.
- 11 Om by die inwyding van die sogenaamde "Nuwe Psalmbboek" op 26 Oktober 2003 in die Stadsaal van Pretoria te sê ons sing tot lof van God Drie-Enig, is eenvoudig oneerlik. Die digter kan nie op grond van teologiese advies aan die een kant wil sê dat die Psalms nie van Christus sing nie - dit word deur die deputate verdedig - terwyl agterna skielik gemaak word of Christus stilletjies in die omdigting teruggebring is.
- 12 Onder die vaandel van Hervormingsondag word 'n teologie en Skrifbeskouing in die kerke ingevoer wat lynreg in stryd met die wesenlike van die Reformasie is. Die verband tussen 31 Oktober 1517 en Hervormingsondag 2003 lê anders as wat tydens die inwydingsgeleentheid van die sogenaamde "Nuwe Psalmbboek" op 26 Oktober 2003 in Pretoria beweer is. Daar is gepoog om 'n direkte vergelyking tussen 31 Oktober 1517 en 26 Oktober se inwyding van die "Nuwe Psalmbboek" te tref. Waar die kerke van die Reformasie met hulle kerksang ná eeuë weer van Christus en tot Christus kon sing, is daar met Hervormingsondag 2003 'n ingrypende verskil - ná eeuë is Christus, dié slag doelbewus, uit die sang van gereformeerde kerke gehaal.
- 13 Dis één saak om moeite te doen met die historiese (nie net sosiologiese nie) agtergrond van die geadresseerdes van 'n Skrifteks. Wanneer hierdie, dikwels bevrage tekenbare, sosiologiese projeksies of agtergrond egter as konstitutief ten opsigte van die skrywer se aktiwiteit gesien word, is dit nie net in stryd met die selfgetuigenis van die Woord nie, maar wyk dit ook totaal van die gereformeerde belydenis oor die Skrif as Woord van God af.
- 14 Die RGG, 4. Aufl. praat van 'n "[...] zunehmende[n] Einfluß sozial. u. literaturwiss. Fragestellungen [...]" (RGG/4, d. 2, Art.: Exegese, Sp. 1785). "Die antike Alltagswelt in ihren hist., rel., polit. und wirtschaftlichen Dimensionen wird ebenso wie die sprachliche Eigenwelt der Texte zu einem maßgeblichen Faktor des Verstehens." (ebd.)
- 15 Vgl. Calvin, brief aan Sadoletus, OS I,465 e.v.
- 16 Skrywe van een van die adviseurs vir die omdigting.
- 17 Reeds Kardinaal Sadoletus was in 1537 'n voorstander daarvan, toe hy geskryf het: "Omdat daar baie verskillend oor die verdorwe en die suiwer godsdiens geoordeel word en die menings van mense daarvoor, veral deesdae, verdeeld is - die een dink sus en die ander so - moet dit voldoende wees wanneer elkeen dit wat homself eerste aanbied om te glo met 'n onbedorwe gemoed nader en sy eie oordeel aan die oordeelsvermoë van meer geleerde en kundige persone oorlaat." (OS I, 449)
- 18 Dit is só oor en oor deur Calvin beklemtoon. In antwoord op die Roomse standpunt sê Calvin in sy brief aan Sadoletus dat geen "kundige" of "geleerde" nodig is om die Woord van God te verstaan nie "want elke gelowige het die swaard van die Here (Gees), die Woord van God (vergelyk Efesiërs 6:17)".
- 19 W.D. Jonker. 1978. Om die Regering van Christus in Sy Kerk. Pretoria: UNISA.
- 20 Die Koran erken onder meer die Psalms as "openbarings van God" (Wilson, 1982:315), wat natuurlik dan nie die God van die Bybel is nie, want dit is sonder Christus. C Wilson, Die Koran. 1982. In Godsdienste van die wêreld. Struik. bl 315, 316.

Ses boeke oor die HK

VAN ZUIJLEKOM, A J:

De Heidelbergse Catechismus:

Zondag 1-10: De rijkdom van Gods Vadersorg

Zondag 11-19: De rijkdom van Christus' komst

Zondag 20-24 en 32-33: De rijkdom van de Heilige Geest en het nieuwe leven

Zondag 25-31: De rijkdom van preek, doop en avondmaal


Zondag 34-44: De rijkdom van de wet

Zondag 45-52: De rijkdom van het gebed

Die Heidelbergse Kategismus, 'n ou belydenisgeskrif wat vandag niks meer vir ons te sê het nie? Hierdie ses boeke wat wil bydra tot praktiese geloofsbeleving en vertroue, laat die ander kant sien! Neem en lees en laat die volle rijkdom van die Kategismus opnuut harte oopmaak.

Prys R94 per deel.

'n Tweedehandse stel in voorraad vir R69,50 per deel.



FOLMER BOEKHANDEL

19e laan 283, 0186 Villieria
Tel 012 329 0031, Faks 012 329 5927
Posbus 11607, 0121 Queenswood
E-Mail: iti03960@mweb.co.za

MOORD IN DIE EREDIENS BEDINK

Kerkverband as gawe en opgawe

Ds ALA Buys, Pietersburg-Noord

Genesis 4:9: "Ek weet nie. Is ek my broer se wagter?"

1 Johannes 1:3: "... wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus."

1 Johannes 1:7: "Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar."

Genesis 3:24: "So het Hy dan die mens weggedrywe en gerubs aan die oostekant van die tuin van Eden laat woon, met die swaard wat vlam en flikker, om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak."

Johannes 17:20, 21: "Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo - dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het."

Medeverbondelinge, medeverbandelinge, broeders en susters in ons Here Jesus Christus

Is ek my broer se wagter? Wees versigtig om daardie vraag te antwoord. Dis 'n vraag aan 'n sektariër. Die engel moet bewaak. Kaïn vra ewe of hy ook moet bewaak. Die gerubs moes keer dat die mens hom nie aan Christus vergryp nie. As hulle van die boom van die lewe sou eet, was alle moontlikheid tot redding daarmee heen. Die goddelike vlamwerpers bewaak die boom van die lewe. Adam, Eva, Kaïn en Abel moet daarna erediens hou. Dit is telkens so in Genesis. By die openbaring is daar offeraltare - 'n heenwysing na Christus.

Eerste vrugte

Die eerste moord is tydens die erediens bedink, op grond van die openbaring wat nie aanvaar word nie. Kaïn was bitter kwaad ná daardie Ou Testamentiese kategismuspreek. Die preek was 'n daad van God. Kaïn se probleem was van hermeneutiese (uitlegkundige) aard. Was dit vrugte of die eersteling van die land se vrugte wat hy moes offer? Kaïn kon die wil van God daarvoor ken. God het sy offer van vrugte waarby die eerste vrugte ontbreek het, in genade nie aangesien nie. Broer Abel het 'n beter offer gebring en het getuienis oor sy gawes ontvang. Die eersgeborenes en hulle vet - dit behaag God. Dit kom uit 'n hart wat vir Christus wag; 'n hart wat getuienis oor die wil van God ontvang. Kaïn is die eerste sektariër. 'n Sektariër aanvaar nie die volle openbaring nie. Later wil Kaïn wel God se beskerming hê, maar nie sy vergifnis nie. Hy draai dan uiteindelik ook sy rug op God.

'n Hermeneutiese verstaansprobleem in die erediens, die toelating van die kiemsel van ongeloof by die altaar in die erediens, breek die kerk op. Kaïn, sektariër, is eerstens kerkvervolger en dan moordenaar. Hy het iets van God teruggehou. Die eerste vrugte, wat Christus en sy Gees moes verkondig, was weg uit die erediens. Daar was vrugte, daar was 'n altaar, daar was openbaring. Tog was daar nie genade nie, want Christus is nie by Kaïn se offer verkondig nie. Hy kan 'n vrugte-omdigting sing, maar nie die Messiaanse verwagtingslied nie.

Is ek my broer se wagter? Die gerubs moet waak dat die mens Christus nie misloop nie. Is ek my broer se wagter? Moet ek daarvoor waak dat my broer Christus by die altaar

in die erediens raakloop? Is dit nou my taak? Kaïn vra nie eerste 'n vraag nie. Hy maak eers 'n stelling. "Ek weet nie." Ek weet nie. Ek het nie kennis oor die kerk se doen en late nie. Kan u sien dat die hermeneutiese openbaringsprobleem aanleiding gee tot onkunde oor die kerk? "Ek weet nie" is 'n leuen. Moes ek by hom gebly het om saam, met ons eerstelinge, vir Christus te wag? Is ek my broer se wagter?

Twee in een

Op 'n Donderdagmiddag êrens in Januarie 2003 het 'n sinode van die GKSA gesê: ons weet nie. Ons weet nie of God vroue as diakens wil hê nie. Daarom, in die lig van die Skrif, mag ons vroue diakens wees. Daar is vir ons duidelike onduidelikhede by die altaar oor hoe ons Christus in die amp ook singend moet inwag. Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wat deelneem aan hierdie hermeneutiese duidelike onduidelikhede: "Waar is jou broer?" Die ware kerk kan ook sektaries optree.

Wie in Christus glo, het gemeenskap met Hom. God bind die kerk aanmekaar met sy Seun se eie bloed, met sy eie Gees. Kerkverband binne 'n gemeente en kerkverband as gemeentes met mekaar is 'n Goddelike genade; 'n gawe van God uit die hemel. Dié wat die saligheid beërwe en moet beërf, hoort bymekaar. God het ons aan mekaar gegee. Is kerkverband 'n saligheidskwessie? Duisendmaal ja - in die sin dat dié wat dieselfde bloed deel, bymekaar hoort. Christus het sy bloed vir die kerkverband gegee. "Wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus ... Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar." (1 Johannes 1:3 en 7)

Ons en julle. Nie ons en hulle nie. Ons en hulle is kerk en wêreld. Ons en julle is verbondstaal. Vanuit die uitverkiesing word die verbond ook met mekaar aangegaan. Dit is nie 'n lekker geestelike klub waarby jy aansluit en jou attestaat lig, of wip, soos wat dit binne jou gemaksone val nie. Kerkverband het nie te doen met die indeling van verskillende ervaringsgroepe waarvoor daar plek en tyd voor die altaar bepleit word nie. Bly een terwyl ons God verskillend ervaar - dit is nie kerkverband nie, maar 'n franchise.

Eenheidsbevel

Kerkverband is 'n gawe in die bloed van Christus, maar ook net so sterk 'n opgawe, 'n bevel. Kom bymekaar en bly bymekaar in die waarheid. "Sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus...Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar."

As en dan - dit is verbondsvoorwaardes vanweë die uitverkiesing. As jy glo, is jy verbind. Jubel daaroor. Jy behoort aan die kerk. Jy is uitverkies. Bind dan jouself op My bevel aan ander uitverkorenes, sê God; ook rondom My openbaringsbevel. Verbondsgehoorsaamheid. Saam-hoor is gelyk aan saam-bind is gelyk aan saam aanbid.

Wat het in die Gereformeerde Kerke gebeur? Waar lê die fout dat alle gelowiges nie in een kerkverband is nie, terwyl hulle 'n hemelse bevel het om een te wees? Ons hoor nie meer saam nie. Ons is nie meer saam gehoorsaam nie. Ons staan op die punt om saam ongehoorsaam te wees. Daar het 'n nuwe manier van Skrifhantering gekom. Die kernbeginsel van die reformasie is op die spel. Het ons getuïenis ontvang oor wat God wil? Ons sê nie meer almal saam "ja en amen" nie.

Wie bedreig die kerkverband? Hierdie byeenkoms wat nie net met teologie nie, maar ook met die kerk besig wil wees omdat ons die kerk is? Of is dit die doofstomme nuwe hermeneutiek van die sosio-historiese eksegeese wat God se Wil wil leer ken deur na die mens in sy historiese en sosiale verbintenis te kyk? Is dit openbaring? Is dit die lig? Is dit die waarheid?

Die sosio-historiese eksegeese kan vir jou sê dit hoef nie eerstelinge by die altaar te wees nie; dit kan maar net vrugte wees, solank jou hartjie vir Jesus wag. Jy wag nie op Jesus Christus sonder die Skrif nie. Hy is die Lig. Laat daar geen twyfel oor hierdie saak wees nie. Die sosio-historiese eksegeese bedreig die openbaring; dit verdraai, dit vermeng, dit veraards God se woorde. Dit breek die kerk op. Openbaringsprobleme in die erediens veroorsaak dat die kerk benadeel word. Eers steel Kain van God. Toe God sy vinger daarop lê en op die regstelling wag, die buig onder die Woord, toe gaan Kain en hy verklein die lidmaatregister van die kerk op aarde. Hy kom toe nie bymekaar met die wat beef voor die woorde van die God van Israel nie. Het ons nou die plek bereik waar ons moet uitroep: dit is óf die gesag van die Woord óf die gesag van die sinode? Artikel 31 bewaar die kerkverband, want "tensy" is nie "totdat" 2006 aanbreek nie.

As God ons 'n gawe gegee het om aan mekaar te behoort, wat maak ons met die opgawe om daardie eenheid te soek en te beleef? Eenheid gaan oor heiligmaking wat spruit uit die regverdigmaking. As Christus vir jou bid, wat doen jy? Werk ons nie dalk teen Christus se gebed nie? Soek ons regtig die eenheid van die hele liggaam van Christus hier op aarde? Of slaan ek soos die Fariseër my hand op die bors en sê: "Ek dank u Here dat ek nie soos daardie kerkverband is nie?"

Daar is mense wat dink dat ons met 'n skeuring besig is. Daar is mense wat geïrriteerd is om nog in hierdie kerkverband met ander te leef. Daar is dié wat dink diplomatie sal olie op die water gooi. Daar is ook dié wat dink kerkverband gaan maar net oor die welwese van die kerk, die welsyn van medies en pensioen en die aanwys van kuratore. Kerkverband is wesenlik deel van die kerk. Dit is nie 'n randsaak nie. Dit

is heilig. Dis nie 'n praktiese reëling om die wagtyd vir Christus makliker te maak nie. As ons nie die eenheid soek en begeer nie, kan die kerk nie uitbrei nie: "dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U my gestuur het." Ons krimp teen 2 000 lidmate per jaar. Glo ons nog dat Christus deur die Vader gestuur is? As jy "ja" sê, hoe lyk jou ekumeniese strewing? Of het ons 'n kerk geword wat praat oor die verdeling van die boedelgeld?

Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika: glo ons dat die Vader vir Christus gestuur het? Waar is die gemeenskap met mekaar rondom die openbaring? As ons die Woord van God begin toemaak en verduister en duidelike onduidelikhede begin optel, dan vra God: waar is jou broer? Wees versigtig om te antwoord, want dit is 'n vraag aan 'n voornemende sektariër. Moet ons nou eers wag dat die donkie praat voordat ons gaan luister; saam luister na wat God sê, soos Hy dit sê? Die Here sê vir Bileam: Ek sien jou pad is al te steil. Kry 'n mens nog donkies wat met die doppers praat?

Wat het gebeur? Ná die sinode in Januarie is daar twee maniere van Skrifbeskouing in een kerkverband. Dit is 'n steil pad. Wat moet gebeur dat die ware kerk kan ophou om sektaries op te tree?

Vervolgingsgereed

Abel is as gelowige vermoor. Wanneer is die kerk vervolgbaar? Is jy gereed om vervolgt te word? Wanneer is dit die moeite werd om vervolgt te word? Wanneer die hoëpriesterlike gebed van Christus jou lewe is. Wanneer jy lewe in die lig en die waarheid wat jou lei. Wanneer jy geen waarborg vir die waarheid soek nie; ook nie by wyse van 'n meerderheidstem beslis wat die gangbare waarheid vir die volgende drie jaar sal wees nie. Wanneer jy alle innerlike verligting as subjektivisme afwys. Wanneer jy die demokratisering van die waarheid, ook oor kerkverband, afwys as die demoniese sy van verrotte natuurlike teologie. Wanneer jy kan onderskei tussen dit en die getuïenis van die Gees, wat die openbaring van God in die Skrif verduidelik. Die Heilige Gees en die Heilige Skrif - so wag ons, die heilige kerk, op die verskyning van die heilige Christus.

Sinode van al die kerke

Wat moet nou gebeur? Daar is maar net een pad. Daar moet uitsluitel kom oor wat lig en wat duisternis is. Daar moet 'n nasionale sinode van al die kerke (nie trapsgewys afgevaardig nie), byeengeroep word sodat ons en die Heilige Gees kan getuig hoe die Skrif gehoor en gelees moet word - 'n hermeneutiese sinode. As ons daar in die waarheid wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar. Dan hou ons mekaar vas. Dan is die banier van die belydenis weer veilig; die banier wat sê dat sosio-historiese eksegeese in die ware kerk nie toelaatbaar is nie. As die openbaring weer veilig gestel is en die eenheid daarvan bely word omdat God een is, dan sal die ware kerk ook leertug toepas oor lidmate, diakens, ouderlinge, dienaars van die Woord en selfs teologiese professore wat die Skrifgesag aanrand. Dan moet daar ook daadwerklik gesoek word na die ander verlostes, tans in ander kerkverbande, wat ook só buig onder die Skrif. Dit is geen maklike taak nie. Wel 'n bevel wat in die geloof gehoorsaam moet word.

Waar, waar is jou broer? Wees versigtig, want jy kan jou voor God besondig met jou antwoord.

John Knox - reformator

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

Skotland: land van doedelsakke en geruite rokke. Land met 'n ryk kultuur. Die Skotse volk is 'n Keltiese volk. Hulle is baie anders as die Engelse volk. Hulle taal is anders, hulle kultuur, ook hulle tradisies.

Ons gedagtes word teruggevat na die jaar 1505. Maarten Luther, wat in Duitsland gewoon het, was toe 22 jaar oud. Daardie jaar sterf 'n goeie vriend van Maarten Luther. Kort daarna beland hy in 'n angswekkende donderstorm. Luther was altyd al bang vir God se toorn. Hy het baie meer gedink aan God wat ewig straf as aan die Here wat om Christus wil vir ewig vergewe. In sy doodsangs lê hy 'n belofte af: 'Help my, heilige Anna, ek wil monnik word'. Min het Maarten Luther toe geweet dat hy 12 jaar later, op 31 Oktober 1517, sy 95 stellings op die kerk deur in Wittenberg sou vasspyker – die begin van die groot kerkreformasie.

Maar ons is terug in 1505. Skotland. 'n Seuntjie word gebore met die naam John Knox. Vier jaar nadat hy gebore is, in 1509, word daar in Frankryk eweneens 'n seuntjie gebore met die naam John, Jean – Johannes Calvyn. John Knox en Johannes Calvyn se paaie sal later in hulle lewe nog kruis.

Jeugjare

John Knox was van jongs af lief om te lees. Alhoewel Skotland net een kerk ken - die Roomse Kerk - kom John in aanraking met die boeke van John Wiclif. John Wiclif was toe al lankal dood. Hy het geleef vanaf 1320 tot 1384 – amper 200 jaar voor John Knox. John Wiclif was 'n teologiese professor in Oxford, Engeland. Hy het baie dinge in die Roomse Kerk raakgesien wat verkeerd was. Hy verwerp die kloosterlewe, die aanbidding van heiliges en beelde, en die verfoeisels van die biege en die aflaat. John Wiclif gaan selfs so ver om te sê dat die pous die antichris is. Toe Pous Gregorius X al hierdie dinge van John Wiclif hoor, het hy hom ter dood veroordeel. John Wiclif is die 'Mörester' van die Reformasie in Engeland genoem.

Nou, 200 jaar later, lees John Knox sy boeke. John Knox lees ook Augustinus se boeke. Hoe meer hy lees, hoe meer kom hy agter watter verskriklike dwaling daar in die Roomse Kerk is. Hy word self 'n priester in die Roomse Kerk, maar hy besef dat die Roomse Kerk nie die ware kerk van Jesus Christus is nie. Dit was vir hom 'n groot skok.

Die stryd begin

In 1547 het die gemeente van St. Andrews gevra dat John Knox hulle predikant moet word. Dit was 'n gemeente wat in geheel raakgesien het watter dwalings daar alles in die Roomse Kerk is. Hulle het besluit om weg te breek vanaf die Roomse Kerk, en die weg van die Protestante te volg – die weg wat Maarten Luther en Johannes Calvyn in Europa reeds so duidelik aangewys het. Hulle het gehoor van John Knox – dat hy, net soos hulle, niks anders wil leer en doen as wat God in sy Woord beveel nie. Eers wil John Knox nie na die gemeente in St. Andrews gaan nie. Nadat hulle ernstig en lank met hom gepraat het, het hy besef dat hy

nie durf weier nie. Dit word sy taak om die Roomse Kerk van Skotland van binne-uit te reformeer. Mense moet hoor wat die HERE sê – nie wat die pous en die Roomse kerk sê nie. Hulle moet hoor van skuldvergewing uit genade, om Christus wil – geen skuldvergewing deur 'n priester en die koop van aflaatbriewe nie.

John Knox word predikant in St. Andrews. Hy bedien die Woord van die Here suiwer. Hy onderrig die gemeente aan die hand van Johannes Calvyn se Institusie. Maar sy ampsbediening duur nie vir lank nie. Enkele weke na sy aankoms in St. Andrews, in die loop van die jaar 1547, stuur Frankryk 'n sterk vloot na die stad om met die hervormers af te reken. Na ses maande van beleëring word die stad tot oorgawe gedwing. Baie inwoners van St. Andrews word gevang en as galei-slawe op die bote vasgebind. Ds John Knox ook. Elke dag moet hy met inspanning van al sy liggaamskragte roei. Dit tap hom. Alhoewel dit nog nie die ergste is nie. Roomse priesters werk op die skepe om die 'afvallige protestante' tot inkeer te bring. Hulle doen besonder baie moeite met John Knox, want hy is immers 'n leraar van die sogenaamde ketter!

Die mens wik ...

Na 19 maande van slawediens en marteling gryp die Here op 'n besondere manier in. Die Franse koning Frans II trou met die koningin van Skotland, Maria Stuart. Tydens die huweliksfees kondig koning Frans aan dat heelparty galei-slawe vrygestel gaan word, en weer na hulle huise kan terugkeer. Ds John Knox is een van die begenadigde slawe. Nie lank na sy vrylating nie is hy terug in St. Andrews, op die preekstoel. Hy bedien opnuut die Woord van die Here en die sakramente wat die Here ingestel het.

Maar in Skotland kan hy nie bly nie. Die Roomse Kerk duld hom nie daar nie. Ds Knox is verplig om na Engeland te vertrek. Daar werk hy vir vyf jaar as predikant, onder andere in Londen, waar hy hofprediker van koning Eduard VI was. Die toestand in die Engelse kerk is alles behalwe gezond. Hulle is nou wel nie Rooms nie, maar ook beslis nie gereformeerd nie. Die Engelse Kerk is Anglikaans. Baie van die Roomse gebruike soos die bediening van die mis en die manier waarop die priesters werk, is net so van toepassing in die Anglikaanse kerk. Hulle het net nie 'n pous nie. Die aartsbiskop van Kantelberg regeer die Anglikaanse kerk. Die koning stel biskoppe onder die aartsbiskop aan, wat die kerk moet regeer. Dit is nie soos wat die Here dit in sy Woord sê nie.

Vir John Knox was die dienstyf in Engeland vyf moeilike jare. In 1554 word Maria Tudor koningin in Engeland. Haar bynaam is 'Bloody Mary', bloedige Maria. Hierdie koningin is anders as haar broer koning Eduard. Sy is 'n vurige Rooms Katoliek en duld niks van enigiemand wat enigsins kritiek op die Roomse Kerk het nie. John Knox moet vlug. Terug na Skotland kan hy nie. In Engeland is dit lewensgevaarlik. Hy besluit om na Europa te vertrek, na Genève, waar Johannes Calvyn woon. Genève, die sentrum en hartklop van die reformasie.

John en Jean

In Genève vind John Knox 'n tuiste, 'n veilige hawe, 'n plek om tot ruste te kom en om verder toegerus te word vir sy lewenstaak. Hy word gasvry deur Johannes Calvyn ontvang. Van hierdie kerkhervormer het hy al soveel gehoor en gelees – dit is goed om hom van aangesig tot aangesig te sien. John Knox is aangenaam verras oor die manier waarop die Gereformeerde Kerk in Genève werk. Hy noem dit 'die mees perfekte skool van Christus wat daar ooit op aarde was sedert die dae van die apostels'.

Op aandrang van Calvyn word ds Knox predikant van die Engelse vlugtelinggemeente in Frankfurt, Duitsland. Maar sy hart lê in Skotland, sy vaderland. Daar word die gelowiges fel vervolgt. Die Roomse Kerk doen alles in sy vermoë om die reformasie stop te sit. Baie bloed vloei. Baie gesinne word uitmekaar geskeur. John Knox hoor daarvan. Hy besluit om in die geheim terug te gaan na Skotland. Hoe kan hy in die veiligheid van Duitsland woon en werk terwyl sy eie mense ter wille van hulle geloof vermoor word?

Op eie bodem

Terug in Skotland begin ds Knox preek. Sonder om doekies om te draai spel hy die verskrikking van al die Roomse dwalinge uit. Hy spaar niemand nie en vrees niemand nie. Selfs nie die gevaarlike Roomse koningin Maria Stuart nie. Koningin Maria laat die mis in die paleis se kapel bedien. Daarvan sê John Knox: 'Een enkele mis is gevaarliker as tienduisend vyande wat die godsdien wil onderduk'. Hy skryf vir koningin Maria 'n brief waarin hy pleit vir die vryheid van godsdien in Skotland. Koningin Maria beantwoord sy brief met minagting. Knox se lewe word opnuut bedreig. Op aandrang van sy vriende vlug hy vir sy lewe. Hy gaan terug na Genève. Na sy vertrek uit Skotland verbrand die Roomse priesters 'n standbeeld van John Knox wat in Edinburg gestaan het. Dit moes as afskrikmiddel vir die bevolking dien: so word daar gemaak met mense wat met die Roomse Kerk breek.

Terug in Genève bedien ds Knox die Engelse vlugtelinggemeente. Intussen woel dit in Skotland. Die Roomse priesters en die Roomse koningin kan met geweld probeer om die reformasie te keer, maar die harte van die gelowiges word uit die hemel versterk.

Die uitwerking van ds Knox se Bybelgetroue preke het nie uitgebly nie. Ander predikante staan ook op om die Woord in Skotland sonder vrees te verkondig. Duisende mense se oë gaan oop vir die nood van die kerk in Skotland. Edelmanne kom tot inkeer en besef watter roeping hulle voor die Here het. Die protestante in Skotland organiseer 'n kerk wat hulle die 'Congregation' noem: die gemeente. Hierdie gemeente stuur 'n boodskap na John Knox in Genève: kom oor na ons toe, en kom help ons in die stryd teen Rome. In die jaar 1559 sit ds Knox opnuut voet aan wal van Skotland. Op 31 Mei 1559 preek hy in die katedraal van Perth. Na daardie preek bars 'n beeldestorm in Skotland los. Mense vaar in katedrale in en breek al die beelde van die heiliges en afbeeldings van Jesus Christus af. Die mag van die Roomse Kerk wankel.

Voortdurende stryd

Een vrou in Skotland sien in John Knox haar doodsvyand: koningin Maria Stuart. Toe sy sien hoe die invloed van ds Knox in Skotland toeneem, nooi sy hom na haar paleis toe. Sy praat vleitaal met hom. Sy dreig hom. Sy maak mooi beloftes. Tegelyk probeer sy John Knox onder die indruk van haar sjarme bring. Maar ds Knox staan by sy beginsel. In een van die gesprekke met die koningin sê hy vir haar: 'Ek bid dat u soveel seën vir Skotland mag bring, as wat Debora vir Israel gebring het'. Toe die koningin voortgaan met haar skandelike en goddelose lewe, het hy haar uiteindelik in die openbaar 'n Isebel genoem – 'n bose koningin by wie geen Godsvrees te vinde is nie. Die lewenseinde van koningin Maria Stuart is tragies. Sy moet uit Skotland na Engeland vlug, waar sy ter dood veroordeel is.

En John Knox? Hy staan op die voorpunt van die reformasie wat nou onkeerbaar in die hele Skotland deurbreek. Die Skotse hoofstad Edinburg word van Roomse oorheersing bevry. In die St. Gileskatedraal van Edinburg begin ds Knox met 'n reeks preke uit die boek Haggai. Hy preek oor die heropbou van die tempel in Jerusalem, en pas dit toe op die heropbou van die kerk van Jesus Christus in Skotland.

Skotland word 'n Gereformeerde land: soos Nederland en België en dele van Frankryk. In Augustus 1560 word 'n brief aan die Skotse parlement voorgehou. Daarin word gevra dat 'n wet uitgeskryf word wat godsdiensvryheid erken. Dié wet word toe deur die parlement van Skotland aanvaar. Nou is daar geen vrees meer vir Roomse soldate wat gereformeerde mense kan vang en in die tronk toesluit of selfs doodmartel nie.

Reformasie op alle fronte

Vir ds John Knox breek daar 'n tyd van harde werk aan. Die tyd van bloedige vervolging is verby. Nou word dit tyd om die kerk van die Here op die regte pad te lei. Soos wat Maarten Luther in Duitsland en Johannes Calvyn in Frankryk gewerk het, so moes John Knox nou in Skotland doen. Sommer kort nadat die parlement in 1560 godsdiensvryheid aangekondig het, skryf John Knox saam met sy helpers 'n boekie 'Belydenis van geloof'. Dit is 'n soort kategismus, 'n boek waarin presies staan wat die protestante in Skotland glo. John Knox skryf ook 'n 'Boek van Orde'. Daarin word uiteengesit hoe die kerk van Jesus Christus regeer moet word. Saam met dit alles preek ds Knox. Hy bemoedig die gelowiges, en vermaan hulle om op die regte weë te bly. Satan hou nie op om die kerk van Christus aan te val nie, veral nie as hy groot verliese moet ly nie.

Die Gereformeerde kerk in Skotland het so gegroei dat hulle sestig jaar later, in 1618, mense na Europa stuur om 'n belangrike vergadering by te woon. Toe was ds Knox lankal oorlede. Hy het gesterf in 1572, toe hy 67 jaar oud was. Maar sy werk gaan voort. Verteenwoordigers van die Skotse kerke is by as die groot Sinode van Dordrecht in 1618/19 gehou word. Al die besluite wat daar geneem is, het die Skotte ook geneem en hulle eie gemaak. Vandag is daar steeds baie Gereformeerde Kerke in Skotland. Hulle word genoem: die 'Free Church of Scotland', die Vrye Kerk van Skotland. Vry om God te dien soos wat Hy in sy Woord vir ons sê.

Pompeji

“U RAAK DIE BERGE AAN EN HULLE ROOK”

Ps 104:32

Prof V E d'Assonville

Dit was Vrydag, 13 Junie 2003. Ek staan in die straat Via dell'Abbondanza van die ou Romeinse stad Pompeji. Rondom my kyk ek vas teen die aaklige silhoëtte van murasies. In 79 n.C. is hierdie stad met sy 20 000 inwoners in een uur deur 'n uitbarsting van die vulkaan Vesuvius totaal verwoes.

Dit het op 24 Augustus 79 gebeur. Dit laat 'n mens aan die atoombom van Hiroshjima in Japan in 1945 dink. Die top van die berg is feitlik “weggeskiet” en die gloeiende as het op Pompeji, sowat 2km van die berg af, neergereën en die stad onder 'n dik laag van 6 meter diep begrawe. Die temperatuur van die gloeiende as was 400 grade Celsius.

Ek kyk noordwaarts en sien die berg waarvan die top weggeblaas is. Ek kyk na die rook wat vandag nog uit die krater opstyg. Skielik kom 'n teks in Psalm 104 in my gedagtes. Op daardie oomblik kon ek nie die presiese vers onthou nie, maar die aand op ons skip in die hawe van Napels het ek dit gekry. In vers 32: “Hy (die Here) raak die berge aan en hulle rook”. O, wat 'n aangrypende daad van God as Hy midde in die lewe van mense met sy oordeel kom! 'n Sondaarmens staan stom. As ons dan iets moet sê, word daar binnensmonds geprewel: “O, Here, wat is u Woord tog ewig waar!”

Ek staan steeds in die straat Via dell'Abbondanza en my oë gly oor die ruïnes. Vir eeue lank het die argeoloë die ou stad Pompeji weer blootgelê. Uit die lawa-as is die kolossale pilare van die eertydse imposante tempels van die afgode Apollo, Venus, Isis en vir keiser Augustus weer oop - maar met die “reuk” van die dood. Hierdie gode is letterlik dood! God se gloeiende toorn het op hulle gereën.

Ook oor 25 bordele het die as van wraak geval en in 'n oomblik het die lewe tot stilstand gekom. Die bakker was nog besig om sy brode te bak; die “Take away”-koswinkel waarvan die murasie en sy toonbanke vandag nog gesien kan word, is midde in hulle transaksies oorval; die modehuise vir die dames het meteens 'n gloeiende inferno geword. Met sy vinger het God die berg Vesuvius aangeraak.

Was daar ooit christene in die ou stad Pompeji? Ja, daar word selfs 'n huis aangedui waar christene geleef het. Byna 20 jaar vantevore het Paulus op sy vierde sendingreis daar naby, by Putuoli aangekom “waar

ons broeders gevind het wat ons gevra het om sewe dae by hulle te bly” (Handelinge 28:14). Putuoli (vandag Pozzuoli) was die hawe waar Pompeji sy koring ingevoer het. Waarskynlik het die skip Castor en Pollux waarmee Paulus van Melite (Malta) gekom het, koring van Alexandrië na Italië vervoer.

Van Castor en Pollux gepraat. Dit is die name van die hoofgod Zeus (Latyn: Jupiter) se twee seuns. In Pompeji was daar ook 'n tempel vir hulle. Wie weet, die skip Castor en Pollux was miskien die eiendom van 'n koringhandelaar van Pompeji. Maar hoe wonderlik, met die koms van Paulus na Putuoli, het die Evangelie geseëvier.

Daar is nog 'n ander merkwaardige ding in die heidense stad Pompeji. Teen een van die mure in 'n straat is die name “Sodoma Gomora” voor 79 nC uitgekerf (graffiti van destyds). Was dit 'n Jood (daar was baie Jode) of 'n christen wat teen die verskriklike onsedelikheid (25 bordele!) en buitensporige afgodediens gereageer het? Ons weet nie, maar die boodskap is duidelik: God gryp in! Soveel te meer in 'n “christelike” stad as in 'n heidense stad.

Ons dink aan die woord van Jesus: “En jy, Kapernaüm, wat tot die hemel toe verhoog is, jy sal tot die doderyk toe neergestort word, want as in Sodom die kragtige dae plaasgevind het wat in jou plaasgevind het, sou hy bly staan het tot vandag toe” (Matteus 11:23). Ook Pompeji, soos Sodom, het nie bly staan nie. En ons stad waar daar steeds “kragtige dae” van Christus plaasvind - die preke? Verstaan ons nog iets van God se oordeel oor die sondige wêreld?



Een van die langste strate in Pompeji. Let op die sygaardjies.